

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA.

OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY



10c Saturday, 1st August, 1964.

WINDHOEK

Saterdag, 1 Augustus 1964.

No. 2573

CONTENTS

PROCLAMATIONS:

- No. 48 Farm Road, District Karibib: Closing of
- No. 49 Farm Roads, District Grootfontein: Raising of Status
- No. 50 Farm Roads, District Grootfontein: Proclamation of
- No. 51 Farm Road, District Gobabis: Proclamation of
- No. R. 134 (Republic) Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1964: Commencement of Sections 1, 3, 6, 7, and 8
- No. 145 (Republic) Defence Act, 1957: Amendment of the First Schedule

GOVERNMENT NOTICES:

- *No. 104 Acting Administrator of South West Africa: Appointment as
- No. 112 Education Regulations, 1964: Amendment
- No. 113 Municipality Windhoek: Amendment of Cemetery Regulations
- No. 114 Meat Trade Control Regulations: Amendment
- No. 115 Decreasing of Standard Distance between Fences along Main Road 58 on Farm Pomona 214, District Gobabis
- No. 116 Telegraph Rates to other Countries: Amendment
- No. 117 Telegraph Regulations; Amendment
- No. R. 819 (Republic) Admission of Persons to the Union Regulation Act, 1913: Amendment of Regulations
- No. R. 923 (Republic) Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928: Rules regarding Registration of Additional Qualifications
- No. R. 934 (Republic) Motor Transport Regulations: Amendment
- No. R. 935 (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person Prohibited from attending Gatherings
- No. 938 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Amendment of the Regulations for the Registration etc., of Medical and Dental Students
- No. R. 940 (Republic) Exchange Control Regulations: Appointment of Authorised Dealer
- No. 955 (Republic) Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928: Authorisation of Veterinarians
- No. 969 (Republic) Commando Regulations, 1960: Amendment
- No. 1005 (Republic) Standards Act, 1962: Cancellation of Government Nos 273 and 274 of 1964

GENERAL NOTICE:

- No. 426 (Republic) Building Societies Return — April, 1964

ADVERTISEMENTS:

Estate Notice etc., etc.

* Republished with Corrections. No. 104.

INHOUD

Page/Bladsy

PROKLAMASIES:

- Plaaspad, Distrik Karibib: Sluiting van 808
- Plaaspaaië, Distrik Grootfontein: Verhoging van Status 808
- Plaaspad, Distrik Grootfontein: Proklamering van 808
- Plaaspad, Distrik Gobabis: Proklamering van 809
- (Republiek) Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1964: Inwerkingtreding van Artikels 1, 3, 6, 7, en 8 809
- (Republiek) Verdedigingswet, 1957: Wysiging van die Eerste Bylae 809

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- * Waarnemende Administrateur van Suidwes-Afrika: Aanstelling as 812
- Onderwysregulasies, 1964: Wysiging 812
- Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Begraafplaasregulasies 814
- Regulasies oor die Beheer van Vleishandel: Wysiging 815
- Vermindering van Standaardafstand tussen Heining langs Grootpad 58 op Plaas Pomona 214: Distrik Gobabis 816
- Telegraafartiewe na ander Lande: Wysiging 816
- Telegraafregulasies: Wysiging 816
- (Republiek) Wet tot Regeling van die Toelating van Personen tot de Unie, 1913: Wysiging van Regulasies 816
- (Republiek) Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekekers, 1928: Reëls betreffende die Registrasie van Additionele Kwalifikasies 819
- (Republiek) Motortransportregulasies: Wysiging 819
- (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persoon verbied om Byeenkomste by te woon 819
- (Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Wysiging van Regulasies betreffende die Registrasie ens., van Studente in die Geneeskunde en in die Tandheelkunde 820
- (Republiek) Deviesebeheerregulasies: Aanstelling van Gemagtigde Handelaar 820
- (Republiek) Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekekers, 1928: Magtiging van Veeartse 820
- (Republiek) Kommandoregulasies, 1960: Wysiging 822
- (Republiek) Wet op Standaarde, 1962: Intrekking van Goewermentskennisgewings Nos. 273 en 274 van 1964 835

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

- (Republiek) Bouverenigingsopgawes — April, 1964 835

ADVERTENSIES:

Boedelkennisgewings ens., ens. 835

* Verbeterde Herdruk, No. 104.

PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE WENTZEL CHRISTOFFEL
DU PLESSIS, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST
AFRICA.

No. 48 of 1964.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section *five* of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962), I do hereby declare that the road in the Karibib District described in the Schedule hereof, shall be closed:

Given under my hand and seal in Windhoek this 7th day of July, 1964.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator.

SCHEDULE.

<i>Description of Road;</i>	<i>Portion closed:</i>
The road described as farm road 1995 in Schedule II of Proclamation 46 of 1960.	From a point near the homestead on the farm Portion A called Tsabichas of Navachab 58 generally north-eastwards via the farms Portion A called Tsabichas of Navachab 58, Portion B of Navachab 58 and Portion 3 called Mon Repos of Navachab 58 to a point where it connects with district road 1949 near the marble quarry on the last mentioned farm.

No. 49 of 1964.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section *five* of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962), I do hereby declare that the status of farm road 3214 which has been proclaimed by Proclamation 56 of 1955, and of farm road 3254 which has been proclaimed by Proclamation 19 of 1960, shall be raised to that of district road.

Given under my hand and seal in Windhoek this 7th day of July 1964.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator.

No. 50 of 1964.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section *five* of the Roads Ordinance, 1962, (Ordinance 28 of 1962), I do hereby declare that the following road in the Grootfontein district, shall be a new portion of farm road 2896 which has been proclaimed by Proclamation 20 of 1961:—

From a point on farm road 2896 on the farm Grenswag 981, generally northwards across the farms Grenswag 981, Hirschgrund 986, Waagstuk 985, Omambonde Tal 166 and Portion 2 called Linden of Obelisk 164 to connect with district road 2825 at a point on the last-mentioned farm.

Given under my hand and seal in Windhoek this 20th day of July, 1964.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator.

PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE WENTZEL CHRISTOFFEL DU
PLESSIS, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-
AFRIKA.

No. 48 van 1964.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962), verklaar ek hierby dat die pad in die distrik Karibib beskryf in die Bylae hiervan, gesluit is.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 7de dag van Julie 1964.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur

BYLAE.

<i>Beskrywing van pad:</i>	<i>Geslote Gedeelte:</i>
Die pad beskryf as plaaspad 1995 in Bylae II van Proklamasie 46 van 1960.	Vanaf 'n punt naby die opstal op die plaas Gedeelte A genoem Tsabichas van Navachab 58, algemeen noordooswaarts oor die plase Gedeelte A genoem Tsabichas van Navachab 58, Gedeelte B van Navachab 58 en Gedeelte 3 genoem Mon Repos van Navachab 58 tot by 'n punt waar dit aansluit by distrikspad 1949 naby die marmergroef op laasgenoemde plaas.

No. 49 van 1964.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962), verklaar ek hierby dat die status van plaaspad 3214 wat geproklameer is by Proklamasie 56 van 1955, en van plaaspad 3254 wat geproklameer is by Proklamasie 19 van 1960, verhoog is tot die van distrikspad.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 7de dag van Julie 1964.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur.

No. 50 van 1964.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962), verklaar ek hierby dat die volgende pad in die distrik Grootfontein, 'n nuwe gedeelte is van plaaspad 2896 wat geproklameer is by Proklamasie 20 van 1961:—

Vanaf 'n punt op plaaspad 2896 op die plaas Grenswag 981, algemeen noordwaarts oor die plase Grenswag 981, Hirschgrund 986, Waagstuk 985, Omambonde Tal 166 en Gedeelte 2 genoem Linden van Obelisk 164 om aan te sluit by distrikspad 2825 by 'n punt op laasgenoemde plaas.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 20ste dag van Julie 1964.

W. C. DU PLESSIS
Administrateur.

No. 51 of 1964.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section *five* of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962), I do hereby declare that the following road in the Gobabis district, shall be farm road 1847:

From a point near the homestead on the farm Portion 1 called Sonneneck of Makam 273 generally south-eastwards across the farms Portion 1 called Sonneneck of Makam 273 and Makam 273 to a point on the last-mentioned farm; thence generally eastwards across the farm Makam 273 to connect with main road 91 and district road 1695 at a point on the said farm.

Given under my hand and seal in Windhoek this 20th day of July, 1964.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator.

No. 51 van 1964.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962), verklaar ek hierby dat die volgende pad in die distrik Gobabis, plaaspad 1847 is:

Vanaf 'n punt naby die opstal op die plaas Gedeelte 1 genoem Sonneneck van Makam 273 algemeen suidooswaarts oor die plase Gedeelte 1 genoem Sonneneck van Makam 273 en Makam 273 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; vandaar algemeen ooswaarts oor die plaas Makam 273 om aan te sluit by grootpad 91 en distrikspad 1695 by 'n punt op genoemde plaas.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 20ste dag van Julie 1964.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur.

PROCLAMATIONS

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. R. 134, 1964 (Republic).]

COMMENCEMENT OF SECTIONS *ONE, THREE, SIX SEVEN, AND EIGHT* OF THE RAILWAYS AND HARBOURS ACTS AMENDMENT ACT, 1964 (Act No. 54 of 1964).

Under the powers vested in me by section *twelve* of the Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1964 (Act No. 54 of 1964), I hereby declare that sections *six* and *seven* of the said Act will come into operation on 1st August, 1964, and sections *one, three* and *eight* thereof on 1st October, 1964.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twelfth day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

B. J. SCHOEMAN.

PROKLAMASIES

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. R. 134, 1964 (Republiek).]

INWERKINGTREDING VAN ARTIKELS *EEN, DRIE, SES, SEWE EN AGT* VAN DIE WYSIGINGSWET OP SPOORWEG- EN HAWEWETTE, 1964 (Wet No. 54 van 1964).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *twaalf* van die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1964 (Wet No. 54 van 1964), verklaar ek hierby dat artikels *ses* en *sewe* van bovermelde Wet op 1 Augustus 1964, en artikels *een, drie* en *agt* daarvan op 1 Oktober 1964 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Twaalfde dag van Junie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

B. J. SCHOEMAN.

No. 145, 1964 (Republic).].

AMENDMENT OF THE FIRST SCHEDULE OF THE DEFENCE ACT, 1957 (ACT No. 44 OF 1957).

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (2) of section *one hundred and four* of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), I hereby amend the First Schedule to that Act—

- (1) by the insertion in sub-section (1) of section *one* after the definition of "imprisonment" of the following definition:—

"institution" means a club, mess or trading or other institution established or conducted under section *one hundred and forty-eight* of the Act and any fund controlled under the regulation;"

- (2) by the substitution in sub-section (5) of section *nineteen* for the words "garrison order" of the words "Force order";
- (3) by the deletion in paragraph (a) of section *twenty* of the words "mess, wardroom or";
- (4) (a) by the insertion in paragraph (a) of section *twenty-one* after the word "property" where it occurs for the first time of the words "or property belonging to any institution"; and
- (b) by the insertion in paragraphs (b), (c) and (d) of that section after the words "South African Defence Force" wherever they occur of the words "or any institution.";

No. 145, 1964 (Republiek).].

WYSIGING VAN DIE EERSTE BYLAE TOT DIE VERDEDIGINGSWET, 1957 (WET No. 44 van 1957).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (2) van artikel *honderd-en-vier* van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), wysig ek hierby die Eerste Bylae van genoemde Wet—

- (1) deur in subartikel (1) van artikel *een* na die omskrywing van „hospitaal" die volgende omskrywing in te voeg:—

„inrigting" 'n klub, menasie of handels- of ander kragtens artikel *honderd agt-en-veertig* van die Wet gestigte of bestuurde inrigting en fonds wat kragtens die regulasies beheer word;"

- (2) deur in subartikel (5) van artikel *negentien* die woord „garnisoensorder" deur die woord „magsorder" te vervang;
- (3) deur in paragraaf (a) van artikel *twintig* die woorde „menasie, offisiersbak of" te skrap;
- (4) (a) deur in paragraaf (a) van artikel *een-en-twintig* na die woord „Staatseiendom" die woorde „of eiendom behorende aan 'n inrigting" in te voeg; en
- (b) deur in paragrafe (b), (c) en (d) van daardie artikel na die woorde „Suid-Afrikaanse Weermag" waar hulle ook al voorkom die woorde „of 'n inrigting" in te voeg;

- (5) by the insertion in paragraph (a) of section *twenty-three* after the word "property" of the word "or property belonging to any institution";
- (6) by the insertion in paragraphs (a) and (b) of section *twenty-five* after the word "property" wherever it occurs of the words "or property belonging to any institution";
- (7) by the deletion in section *twenty-six* of the word "mess";
- (8) (a) by the insertion in paragraph (b) of section *twenty-seven* after the word "interest" of the word "or"; and
 (b) by the insertion after paragraph (b) of that section of the following paragraph:—
 "(c) without proper authority uses or takes or removes from its appointed place any article belonging to any institution,";
- (9) by the substitution for sub-section (1) of section *thirty-six* of the following sub-section:—
 "(1) Any person who—
 (a) having been duly summoned or warned to attend as a witness before a preliminary investigation, summary trial or board of inquiry, fails to attend or to remain in attendance until authorized to leave;
 (b) being present at a preliminary investigation, summary trial or board of inquiry after having been duly summoned or warned to attend as a witness, refuses to be sworn or to affirm;
 (c) when giving evidence at a preliminary investigation, summary trial or board of inquiry, refuses to answer any questions which in law he could be compelled to answer, or refuses or fails to produce any document or thing in his possession or under his control which in law he could be compelled to produce; or
 (d) uses threatening or insulting language at a preliminary investigation, summary trial or board of inquiry or wilfully causes a disturbance or interruption threat or wilfully commits any other act calculated or likely to bring the recording officer, trial officer or board of inquiry into contempt, ridicule or disrepute.
 shall be guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding three months.";
- (10) by the substitution in section *forty-seven* for all the words after the word "to" where it occurs for the third time of the words—"any penalty which could under section *ninety-one* be imposed by a court martial in respect of such offence: Provided that no such penalty of such a nature that it could, if the offence in question had been committed within the Republic, have been imposed by any competent civil court, shall exceed the maximum penalty that could be imposed in respect of such offence by that civil court";
- (11) by the insertion in sub-sections (1), (2) and (3) of section *fifty-three* after the word "vehicle" wherever it occurs of the words "vessel, aircraft";
- (12) by the substitution in sub-section (2) of section *sixty-four* for all the words after the word "who" of the words "may thereupon exercise *mutatis mutandis* in respect of those proceedings the powers conferred upon the council of review by sub-sections (1), (2) and (3) of section *one hundred and fifteen*";
- (13) by the substitution for paragraph (b) of section *seventy* of the following paragraph:—
 "(b) in the case of a civil offence, any penalty that might under section *ninety-one* be imposed in respect of an offence under this Code by a court martial: Provided that no such penalty of such a nature that it could be imposed in respect
- (5) deur in paragraaf (a) van artikel *drie-en-twintig* na die woord „Staatseïendom” die woorde „of eiendom behorende aan ’n inrigting” in te voeg;
- (6) deur in paragrawe (a) en (b) van artikel *vyf-en-twintig* na die woord „Staatseïendom” waar dit ook al voorkom die woorde „of eiendom behorende aan ’n inrigting” in te voeg;
- (7) deur in artikel *ses-en-twintig* die woord „menasie” te skrap;
- (8) (a) deur in paragraaf (b) van artikel *sewe-en-twintig* na die woord „gebruik” die woord „of” in te voeg; en
 (b) deur na paragraaf (b) van daardie artikel die volgende paragraaf in te voeg:—
 „(c) sonder behoorlike magtiging ’n artikel behorende aan ’n inrigting gebruik of uit die daarvoor aangewese plek neem of verwyder,”;
- (9) deur subartikel (1) van artikel *ses-en-dertig* deur die volgende subartikel te vervang:—
 „(1) Iemand wat—
 (a) nadat hy behoorlik gedagvaar of gewaarsku is om ’n voorlopige ondersoek, summier verhoor of raad van ondersoek as getuie by te woon, in gebreke bly om aanwesig te wees of te bly totdat dit hom veroorloof word om te gaan;
 (b) terwyl hy by ’n voorlopige ondersoek, summier verhoor of raad van ondersoek aanwesig is nadat hy behoorlik gedagvaar of gewaarsku is om dit as ’n getuie by te woon, weier om beëdig te word of ’n bevestiging af te lê;
 (c) terwyl hy voor ’n voorlopige ondersoek, summier verhoor of raad van ondersoek getuienis aflê, weier om te antwoord op vrae wat hy regtens verplig sou kon word om te beantwoord, of weier of versuim om ’n dokument of saak in sy besit of onder sy beheer oor te lê wat hy regtens verplig sou kon word om oor te lê; of
 (d) by ’n voorlopige ondersoek, summier verhoor of raad van ondersoek dreigende of beledigende taal besig of opsetlik ’n steurnis of onderbreking veroorsaak of opsetlik enige ander handeling verrig wat bereken is of waarskynlik die gevolg sal hê om die notulerende offisier, verhooroffisier of die raad van ondersoek aan minagting bloot te stel of bespotlik te maak of oneer aan te doen,
 is aan ’n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens drie maande.”;
- (10) deur in artikel *sewe-en-veertig* al die woorde na die woord „met” te vervang deur die woorde „enige straf wat kragtens artikel *een-en-negentig* ten opsigte van so ’n misdryf deur ’n krygsraad opgelê sou kon word: Met dien verstande dat so ’n straf wat van so ’n aard is dat dit, indien die betrokke misdryf in die Republiek gepleeg was, deur enige bevoegde burgerlike hof opgelê sou kon word, nie die maksimum straf wat ten opsigte van bedoelde misdryf deur daardie burgerlike hof opgelê sou kon word, te bowe mag gaan nie”;
- (11) deur in subartikels (1), (2) en (3) van artikel *drie-en-vyftig* na die woord „voertuig” waar dit ook al voorkom die woorde „vaartuig, vliegtuig” in te voeg;
- (12) deur in subartikel (2) van artikel *vier-en-sestig* al die woorde na die woord „wat” deur die woorde „daarop ten opsigte van daardie verrigtinge *mutatis mutandis* die bevoegdheids kan uitoefen wat deur subartikels (1), (2) en (3) van artikel *honderd-en-vyftien* aan die hersieningsraad verleen word” te vervang;
- (13) deur paragraaf (b) van artikel *sewentig* deur die volgende paragraaf te vervang:—
 „(b) in die geval van ’n burgerlike misdryf enige straf oplê wat kragtens artikel *een-en-negentig* ten opsigte van ’n misdryf ingevolge hierdie Reglement deur ’n krygsraad opgelê kan word: Met dien verstande dat so ’n straf wat van so ’n

of such offence by any competent civil court shall exceed the maximum penalty that could be imposed in respect of that offence by that civil court”;

(14) by the substitution in the Afrikaans version of sub-paragraph (iv) of paragraph (a) of sub-section (1) of section *ninety-one* for the word “ontslag” of the word “afdanking”;

(15) by the deletion in paragraph (a) of sub-section (2) of section *ninety-three* of all the words after the word “days”;

(16) by the deletion in section *one hundred and ten* of the words “sub-section (2) of section *sixty-four*”;

(17) by the addition to section *one hundred and fifteen* of the following sub-section:—

“(5) For the purposes of sub-section (1), (2) and (3) ‘sentence’ includes an order under sub-section (1) of section *one hundred and twenty-nine*.”;

(18) (a) by the insertion in sub-section (1) of section *one hundred and twenty-nine* after the word “property” of the words “or property belonging to any institution” and after the word “shall” of the words “subject to the provisions of sub-section (3)”;

(b) by the insertion after sub-section (1) of that section of the following sub-section:—

“(1) *bis* Any amount deducted from a member’s pay in pursuance of an order made under sub-section (1) in respect of loss of or damage to property belonging to any institution, shall be paid to the institution concerned.”;

(c) by the substitution for sub-section (3) of that section of the following sub-section:—

“(3) Whenever a military court convicts a person subject to this Code of having in contravention of section *twenty-four* negligently lost damaged or destroyed his equipment, arms, kit or any other property issued to him at public expense for personal use in the execution of his duties, it shall order that such equipment, arms, kit or other property be replaced or repaired and that the costs involved in such replacement or repair be recovered from the person concerned: Provided that no such order shall be made in the case of a sentence of cashiering, dismissal from the South African Defence Force, discharge with ignominy from the South African Defence Force or discharge from the South African Defence Force if the said equipment, arms, kit or other property has at the time of sentence become the property of the accused pursuant to the regulations.”; and

(d) by the deletion of sub-section (4) of that section;

(19) by the insertion in sub-section (2) of section *one hundred and thirty-eight* after the word “attend” where it occurs for the second time of the words “or to remain in attendance until authorized to leave” and after the word “sworn” of the words “or to affirm”.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this the Sixteenth day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. J. FOUCHÉ.

aard is dat dit ten opsigte van bedoelde misdryf deur enige bevoegde burgerlike hof opgelê sou kon word, nie die maksimum straf wat ten opsigte van bedoelde misdryf deur daardie burgerlike hof opgelê sou kon word, te bowe mag gaan nie.”;

(14) deur in subparagraaf (iv) van paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *een-en-negentig* die woord „ontslag” deur die woord „afdanking” te vervang;

(15) deur in paragraaf (a) van subartikel (2) van artikel *drie-en-negentig* al die woorde na die woord „nie” te skrap;

(16) deur in artikel *honderd-en-tien* die woorde „subartikel (2) van artikel *vier-en-sestig*” te skrap;

(17) deur in artikel *honderd-en-vyftien* die volgende subartikel by te voeg:—

„(5) By die toepassing van subartikels (1), (2) en (3) beteken „vonnis” ook ’n bevel kragtens subartikel (1) van artikel *honderd nege-en-twintig* uitgevaardig.”;

(18) (a) deur in subartikel (1) van artikel *honderd nege-en-twintig* na die woord „Staatseiendom” die woorde „of eiendom behorende aan ’n inrigting” ’en na die woord „hof” waar dit die tweede maal voorkom die woorde „behoudens die bepalinge van subartikel (3)” in te voeg;

(b) deur na subartikel (1) van daardie artikel die volgende subartikel in te voeg:—

„(1) *bis* Enige bedrag wat uit hoofde van ’n ingevolge subartikel (1) uitgevaardigde bevel van ’n lid se soldy afgetrek word ten opsigte van verlies van of skade aan eiendom wat aan ’n inrigting behoort, word aan die betrokke inrigting betaal.”;

(c) deur subartikel (3) van daardie artikel deur die volgende subartikel te vervang:—

„(3) Wanneer ’n militêre hof ’n aan hierdie Reglement onderworpe persoon daaraan skuldig bevind dat hy in stryd met artikel *vier-en-twintig* sy uitrusting, wapens, mondering of enige ander eiendom op Staatskoste aan hom uitgereik vir persoonlike gebruik by die verrigting van sy pligte deur nalatigheid verloor, beskadig of vernietig het, beveel die hof dat dié uitrusting, wapens, mondering of ander eiendom vervang of herstel word en dat die koste van die vervanging of herstel op die betrokke persoon verhaal word: Met dien verstande dat so ’n bevel nie gegee word waar die vonnis van die hof een van kassering, afdanking uit die Suid-Afrikaanse Weermag, ontslag met oneer uit die Suid-Afrikaanse Weermag, of ontslag uit die Suid-Afrikaanse Weermag is nie, indien ten tyde van die vonnis bedoelde uitrusting, wapens, mondering of ander eiendom uit hoofde van die regulasies die eiendom van die beskuldigde geword het.”; en

(d) deur subartikel (4) van daardie artikel te skrap;

(19) deur in subartikel (2) van artikel *honderd agt-en-dertig* na die woord „verskyn” waar dit die tweede maal voorkom die woorde „of aanwesig te bly totdat dit hom veroorloof word om te gaan” en na die woord „eed” die woorde „of bevestiging” in te voeg.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sestiende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

J. J. FOUCHÉ.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Republished with Corrections. No. 104.]

ACTING ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA: APPOINTMENT AS —

It is hereby notified for general information that MR. ABRAHAM HERMANUS DU PLESSIS, M.E.C., has been appointed as acting Administrator of South West Africa, with effect from the 29th July, 1964, during the absence of the Administrator, MR. W. C. DU PLESSIS.

No. 112.]

[1st August, 1964.

The Administrator has been pleased under sub-sections (1) and (4) of section *one hundred and seventeen* of the Education Ordinance, 1962, to amend the education regulations published by Government Notices 53, 54, 55, 56, 62 and 66 of the 29th April, 1964, as follows:—

1. Regulations on the Conditions of Appointment and Service of White Teachers. (Government Notice 53 of 1964).

- (i) Sub-paragraph (iii) of paragraph (e) of regulation *twenty-one* is amended as follows:—
 - (a) substitute the figures R3000x120—4200x150—4500 for the figures R3000x120—4500 where they occur in sub-paragraph (a);
 - (b) substitute the figures R3000x120—4200—4350 for the figures R3000x120—4350 where they occur in sub-paragraph (b).
- (ii) The following paragraphs are substituted for paragraphs (a) and (b) of sub-regulation (1) of regulation *forty-six*:—

“(a) not more than R4 a day in the case of a teacher whose pensionable salary and allowances are equal to or more than R3840 a year but less than R5850 a year;

(b) not more than R3.50 a day in the case of a teacher whose pensionable salary and allowances are equal to or higher than R2280 a year but less than R3840;”.
- (iii) Sub-regulation (1) of regulation *sixty-two* is amended by the addition of the following paragraph after paragraph (b):—

“(c) subsistence allowance according to the prescribed tariff for himself and every member of his household above the age of twelve years and at half the prescribed tariff for every other member of his household.”
- (iv) Regulation *eighty-six* is amended by the insertion of the following further proviso after the existing proviso:—

“Provided further that any unused sick leave prescribed for any fixed cycle shall lapse at the end of the relative cycle and shall not be transferable to the next cycle.”
- (v) Regulation *ninety-six* is amended by the substitution of the words “three months” for the words “thirty days”.

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Verbeterde Herdruk. No. 104.]

WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES- AFRIKA: AANSTELLING VAN —

Hiermee word vir algemene inligting bekend gemaak dat MNR. ABRAHAM HERMANUS DU PLESSIS, L.U.K., met ingang van 29 Julie 1964, as waarnemende Administrateur van Suidwes-Afrika, gedurende die afwesigheid met verlof van die Administrateur, MNR. W. C. DU PLESSIS, aangestel is.

No. 112.]

[1 Augustus 1964.

Dit behaag die Administrateur om ingevolge subartikels (1) en (4) van artikel *eenhonderd-en-sewentien* van die Onderwysordonnansie 1962 die onderwysregulasies soos gepubliseer by Goewermentskennisgewings 53, 54, 55, 56, 62, en 66 van 29 April 1964, soos volg te wysig:—

1. Regulasies op die Aanstellings- en Diensvoorwaardes van Blanke Onderwysers. (Goewermentskennisgewing 53 van 1964).

- (i) Subparagraaf (iii) van paragraaf (e) van regulasie *een-en-twintig* word soos volg gewysig:
 - (a) Vervang die syfers R3000 x 120 — 4500 waar dit in subparagraaf (a) voorkom deur die syfers R3000 x 120 — 4200 x 150 — 4500;
 - (b) vervang die syfers R3000 x 120 — 4350 waar dit in subparagraaf (b) voorkom deur die syfers R3000 x 120 — 4200 — 4350.
- (ii) Paragrafe (a) en (b) van subregulasie (1) van regulasie *ses-en-veertig* word vervang deur die volgende paragrawe:
 - (a) hoogstens R4 per dag in die geval van 'n onderwyser wie se pensioengewende salaris en toelae gelyk aan of hoër is as R3840 per jaar maar minder as R5850 per jaar;
 - (b) hoogstens R3.50 per dag in die geval van 'n onderwyser wie se pensioengewende salaris en toelae gelyk aan of hoër is as R2280 per jaar maar minder as R3840.
- (iii) Subregulasie (1) van regulasie *twee-en-sestig* word gewysig deur die byvoeging na paragraaf (b) van die volgende paragraaf:—

(c) verblyftoelae volgens die voorgeskrewe tarief vir homself en elke lid van sy huishouding bo die ouderdom van 12 jaar en teen die helfte van die voorgeskrewe tarief vir elke ander lid van sy huishouding.
- (iv) Regulasie *ses-en-tagtig* word gewysig deur na die bestaande voorbehoudsbepaling daarvan die volgende verdere voorbehoudsbepaling in te voeg:

„Voorts met dien verstande dat enige ongebruikte siekteverlof wat vir 'n bepaalde tydkring voorgeskryf is, aan die einde van die betrokke tydkring verval en nie na die volgende tydkring oorgedra kan word nie”.
- (v) Regulasie *ses-en-negentig* word gewysig deur die woorde „dertig dae” te vervang deur die woorde „drie maande”.

(vi) Regulation *seventy-three* is amended by the addition of the words "and of sub-section (6)" after the figure (1) where it occurs in the third line.

2. Regulations on the Conditions of Appointment and Service of Coloured and White Teachers at Schools for Coloureds. (Government Notice 54/1964).

(i) Sub-regulation (1) of regulation *fifty-nine* is amended by the addition of the following paragraph after paragraph (b):—

"(c) subsistence allowance according to the prescribed tariff for himself and every member of his household above the age of twelve years and at half the prescribed tariff for every other member of his household."

(ii) Regulation *eighty-three* is amended by the insertion of the following further proviso after the existing proviso:—

"Provided further that any unused sick leave prescribed for any fixed cycle shall lapse at the end of the relative cycle and shall not be transferable to the next cycle."

(iii) Regulation *ninety-three* is amended by the substitution of the words "three months" for the words "thirty days".

3. Regulations on the Conditions of Appointment and Service of Teachers in State Native Schools, Sub-inspectors, Supervisors and other Persons employed in connection with Native Education. (Government Notice 55 of 1964).

(i) Regulation *thirty-seven* is amended by the addition of the following paragraph after paragraph (b):—

"(c) subsistence allowance according to the prescribed tariff for himself and every member of his household above the age of twelve years and at half the prescribed tariff for every other member of his household."

(ii) Regulation *fifty-five* is amended by the insertion of the following further proviso after the existing proviso:—

"Provided further that any unused sick leave prescribed for any fixed cycle shall lapse at the end of the relative cycle and shall not be transferable to the next cycle."

4. Regulations on (1) the approval of State-aided Native Schools, (2) the Conditions on which Grants-in-aid may be made to State-aided Native Schools and (3) the Conditions of Service of Teachers at State-aided Native Schools. (Government Notice 56 of 1964).

(i) Sub-regulation (5) of regulation *sixteen* is amended by the insertion of the following further proviso after the second proviso thereof:—

"Provided further that any unused sick leave prescribed for any fixed cycle shall lapse at the end of the relative cycle and shall not be transferable to the next cycle."

5. Regulations on (1) the Conditions on which Native Community Schools may be subsidised or granted Aid and (2) the Conditions of Service of Teachers at Native Community Schools and School Board Secretaries. (Government Notice 62 of 1964).

(i) Sub-regulation (5) of regulation *fifteen* is amended by the insertion of the following further proviso after the second proviso thereof:—

"Provided further that any unused sick leave prescribed for a fixed cycle shall lapse at the end of the relative cycle and shall not be transferable to the next cycle."

(ii) Sub-regulation (2) of regulation *thirty-one* is amended by the substitution of the word "forty-five" for the word "thirty".

(vi) Regulاسie *drie-en-sewentig* word gewysig deur die byvoeging van die woorde „en van subartikel (6)” na die syfer (1) waar dit in die tweede reël voorkom.

2. Regulاسies op die Aanstellings- en Diensvoorwaardes van Kleurlingonderwysers en Blanke Onderwysers in diens by Kleurlingskole. (Goewermentskennisgewing 54 van 1964).

(i) Subregulasie (1) van regulاسie *nege-en-vyftig* word gewysig deur die byvoeging na paragraaf (b) van die volgende paragraaf:

„(c) verblyftoelae volgens die voorgeskrewe tarief vir homself en elke lid van sy huishouding bo die ouderdom van 12 jaar en teen die helfte van die voorgeskrewe tarief vir elke ander lid van sy huishouding”.

(ii) Regulاسie *drie-en-tagtig* word gewysig deur na die bestaande voorbehoudsbepaling die volgende verdere voorbehoudsbepaling in te voeg:

„Voorts met dien verstande dat enige ongebruikte siekteverlof wat vir 'n bepaalde tydkring voorgeskryf is, aan die einde van die betrokke tydkring verval en nie na die volgende tydkring oorgedra kan word nie.”

(iii) Regulاسie *drie-en-negentig* word gewysig deur die woorde „dertig dae” te vervang deur die woorde „drie maande”.

3. Regulاسies op die Aanstellings- en Diensvoorwaardes van Onderwysers in Staatsinboorlingskole, Onderinspekteurs, Opsieners en ander persone in diens geneem in verband met Inboorlingonderwys. (Goewermentskennisgewing 55 van 1964).

(i) Regulاسie *sewe-en-dertig* word gewysig deur die byvoeging na paragraaf (b) van die volgende paragraaf:

„(c) verblyftoelae volgens die voorgeskrewe tarief vir homself en elke lid van sy huishouding bo die ouderdom van 12 jaar en teen die helfte van die voorgeskrewe tarief vir elke ander lid van sy huishouding”.

(ii) Regulاسie *vyf-en-vyftig* word gewysig deur na die bestaande voorbehoudsbepaling die volgende verdere voorbehoudsbepaling in te voeg:

„Voorts met dien verstande dat enige ongebruikte siekteverlof wat vir 'n bepaalde tydkring voorgeskryf is, aan die einde van die betrokke tydkring verval en nie na die volgende tydkring oorgedra kan word nie.”

4. Regulاسies op (1) die Goedkeuring van Staatsondersteunde Inboorlingskole, (2) die Voorwaardes waarop Hulptoekennings aan Staatsondersteunde Inboorlingkole verleen kan word en (3) die Diensvoorwaardes van Onderwysers verbonde aan Staatsondersteunde Inboorlingkole. (Goewermentskennisgewing 56 van 1964).

(i) Subregulasie (5) van regulاسie *sestien* word gewysig deur na die tweede voorbehoudsbepaling daarvan die volgende verdere voorbehoudsbepaling in te voeg:

„Voorts met dien verstande dat enige ongebruikte siekteverlof wat vir 'n bepaalde tydkring voorgeskryf is, aan die einde van die betrokke tydkring verval en nie na die volgende tydkring oorgedra kan word nie”.

5. Regulاسies op (1) die Voorwaardes waarop Inboorlinggemeenskapkole gesubsidieer of Bystand aan Sodanige Skole verleen word en (2) die Diensvoorwaardes van Onderwysers verbonde aan Inboorlinggemeenskapkole en Skoolraadsekretarisse. (Goewermentskennisgewing 62 van 1964).

(i) Subregulasie (5) van regulاسie *vyftien* word gewysig deur na die tweede voorbehoudsbepaling daarvan die volgende verdere voorbehoudsbepaling in te voeg:

„Voorts met dien verstande dat enige ongebruikte siekteverlof wat vir 'n bepaalde tydkring voorgeskryf is, aan die einde van die betrokke tydkring verval en nie na die volgende tydkring oorgedra kan word nie”.

(ii) Subregulasie (2) van regulاسie *een-en-dertig* word gewysig deur die woord „dertig” waar dit in die laaste sin voorkom, te vervang deur die woord „vyf-en-veertig”.

(iii) Sub-regulation (3) of regulation *thirty-one* is amended by the substitution of the figures R180, R216 and R252 for the figures R120, R144 and R168 respectively.

6. Regulations on the Establishment, Control and Maintenance of Hostels. (Government Notice 66 of 1964).

(i) Regulation *twenty-four* is amended by —

(a) the insertion in the proviso to paragraph (c) of the words "in accordance with the fixed basis" after the word "supervisors",

(b) the insertion of the following further proviso after the existing proviso:—

"Provided further that where a hostel is under the control of one superintendent but consists of separate buildings, each such separate building in which pupil boarders are accommodated shall for the purpose of the allocation of supervisors on the fixed basis be deemed to be separate hostels."

(ii) Sub-regulation (2) of regulation *thirty-six* is amended by the insertion of the following further proviso after the existing proviso:—

"Provided further that the Secretary may approve the creation of posts additional to the approved establishment of a hostel if in his opinion circumstances justify it."

7. The above amendments shall come into force on the 15th December, 1963.

No. 113.]

[1st August, 1964

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (3) of Section 243 of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance No. 13 of 1963 as amended, to approve of the undermentioned amendments to the regulations published under Government Notice No. 89 of 1958 as amended by Government Notice No. 211 of 1961.

WINDHOEK MUNICIPALITY.

AMENDMENT OF CEMETERY REGULATIONS.

1. Substitute the following for paragraph 6 (a) of Schedule "C" (Schedule of fees and charges):—

"6 (a) Grave spaces planted and maintained by Council . . . £6.0.0.

2. Substitute the following for section 15:—

"15. The fees specified in Schedule "C" shall be paid to the Council in respect of the various items therein contained and at the time mentioned in the said schedule."

3. Substitute the following for section 26:—

"26. All fees and charges shall be paid to either the Town Treasurer or Superintendent by the person signing the "Form of Notice of Interment", in accordance with Schedule "C" and official receipts shall be given for all payments."

4. Substitute the following for section 30:—

"30. (a) No grave, whether in a purchased grave space or not, shall contain more than two coffins, provided that the top of the last interred coffin shall be at least one metre, twenty centimetres (1.20 metres) from the ordinary surface of the ground, except that the top of the last interred coffin in a child's grave shall be at least one metre, ten centimetres (1.10 metres) from the ordinary surface of the ground.

The Council may, provided permission has been obtained from the Magistrate and the Medical Officer of Health, and on good cause shown, give permission for a third coffin to be interred in a grave in which not more than two coffins have been interred, if a period of not less than thirty (30) years have elapsed from the last interment.

(iii) Subregulasie (3) van regulasie *een-en-dertig* word gewysig deur die syfers R120, R144 en R168 te vervang met die syfers R180, R216 en R252 onderskeidelik.

6. Regulasies op die Instelling, Beheer en Instandhouding van Koshuise. (Goewermentskennisgewing 66 van 1964).

(i) Regulasie *vier-en-twintig* word gewysig deur

(a) in die voorbehoudsbepaling van paragraaf (c), na die woord „opsigters”, die volgende in te voeg „ooreenkomstig die vasgestelde basis”;

(b) na die bestaande voorbehoudsbepaling die volgende verdere voorbehoudsbepaling in te voeg: „Voorts met dien verstande dat waar 'n koshuis onder die beheer van een Superintendent staan maar uit aparte geboue bestaan, elke sodanige aparte gebou waarin leerlingkoshuise gehuisves word vir die toekenning van opsigters ooreenkomstig die vasgestelde basis as afsonderlike koshuise beskou word”.

(ii) Subregulasie (2) van regulasie *ses-en-dertig* word gewysig deur die invoeging, na die bestaande voorbehoudsbepaling, van die volgende verdere voorbehoudsbepaling:

„Voorts met dien verstande dat die Sekretaris dit kan goedkeur dat poste wat by die goedgekeurde diensstaat van 'n koshuis kom, geskep kan word as omstandighede dit syms in-siens, regverdig.”

7. Bostaande wysigings het regsrag van 15 Desember 1963.

No. 113.]

[1 Augustus 1964

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 sub-artikel (3) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie No. 13 van 1963), soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 89 van 1958 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. 211 van 1961.

MUNISIPALITEIT WINDHOEK.

WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASREGULASIES.

1. Paragraaf 6 (a) van Bylae „C” word deur die volgende vervang:

„6. (a) Grafuimtes wat die Raad beplant en geheel en al onderhou — £6.0.0.

2. Artikel 15 word deur die volgende vervang:—

„15. Die gelde in Bylae „C” vermeld moet aan die Raad betaal word ten opsigte van die verskeie hoofde daarin aangegee en binne die tydperke en die tyd soos bepaal in genoemde Bylae „C”.”

3. Artikel 26 word deur die volgende vervang:—

„26. Alle gelde en vorderings word betaal óf aan die Stadstoesourier óf aan die Superintendent deur die persoon wat die vorm van begrawingskennisgewing onderteken in ooreenstemming met Bylae „C”, en amptelike kwitansies word uitgereik vir alle betalings”.

4. Artikel 30 word deur die volgende vervang:—

„30. (a) Geen graf, hetsy dit binne 'n aangekoopte grafuimte is al dan nie, mag meer as twee doodkiste bevat nie, met dien verstande dat die bokant van die laasbegravde doodkis ten minste een meter 20 sentimeter (1.20 meter) onder die gewone oppervlakte van die grond sal wees, behalwe dat die bokant van die laasbegravde doodkis in 'n kind se graf ten minste 1 meter 10 sentimeters (1.10 meters) van die gewone oppervlakte van die grond moet wees. Die Raad kan, indien toestemming verkry is van die Landdros en die Mediese Gesondheidsbeampte, en daar goeie redes bestaan, toestemming verleen dat 'n derde doodkis geplaas word in 'n graf waar nie meer as twee doodkiste alreeds begrawe is nie mits 'n tydperk van minstens 30 (dertig) jaar verloop het sedert die laaste begraving.

(b) The Council may, where early and rapid decomposition has commenced, or for any reason whatsoever, on the certificate of the Medical Officer of Health partially inter a body before the time set for interment. In every such case, the person signing the "Form of Notice of Interment", shall be informed of the time of partial interment.

(c) Where it is known that a person has died of a contagious disease, the Council shall inter the body of such person in accordance with the requirements of the Medical Officer of Health.

(d) No two coffins may be interred in the same grave at the same time, except with permission of the Council.

(e) The top of every coffin shall be at least one metre, twenty centimetres (1.20 metres) below the ordinary surface of the ground, except the top of a child's coffin shall be at least one metre ten centimetres (1.10 metres) below the ordinary surface of the ground."

5. By inserting the following new paragraph immediately after paragraph 8 of Schedule "C":—

"9. All fees mentioned in paragraphs 1, 2, 3, 4, and 5 of this Schedule shall be paid before any of the abovementioned services are rendered."

(b) Die Raad kan, waar vroeë en vinnige ontbinding ingetree het of vir enige ander rede, op aanbeveling van die Mediese Gesondheidsbeampte, die stoflike oorskot gedeeltelik begrawe voor die bepaalde tyd van die begrafnis. In elke sodanige geval moet die persoon wat die vorm van begrawingskennisgewing teken in kennis gestel word van die tyd van die gedeeltelike begrawing.

(c) Waar dit bekend is dat 'n persoon gesterf het aan 'n aansteeklike siekte, moet die Raad die stoflike oorskot van sodanige persoon begrawe in ooreenstemming met die vereistes van die Mediese Gesondheidsbeampte.

(d) Behalwe met die toestemming van die Raad mag twee doodkiste nie terselfdertyd in dieselfde graf begrawe word nie.

(e) Die bokant van elke doodkis moet ten minste 1 meter 20 sentimeters (1.20 meter) onder die gewone oppervlakte van die grond wees, behalwe in die geval van 'n kind se doodkis waar die bokant van die doodkis ten minste 1 meter 10 sentimeters (1.10 meter) onder die gewone oppervlakte van die grond moet wees.

5. Die volgende nuwe paragraaf word ingevoeg onmiddellik na paragraaf 8 van Bylae „C“:—

„9. Alle gelde genoem in paragrawe 1, 2, 3, 4 en 5 van hierdie bylae moet betaal word voordat enige van die bogenoemde dienste gelewer sal word."

No. 114.]

[1st August, 1964

AMENDMENT OF THE MEAT TRADE CONTROL REGULATIONS.

The Administrator has been pleased under the powers in him vested by section *nine* of the Meat Trade Control Ordinance, 1962 (Ordinance 20 of 1962) to amend the regulations published by Government Notice 87 of the 1st June, 1963, as follows:—

1. By the substitution for the word "stock" in the sub-heading "Prohibition of Export of Stock without Permit" of the word "livestock".
2. By the substitution for the words "cattle, sheep, goats or pigs" in regulation 12 (1) of the word "livestock".
3. By the substitution for the word "stock" in regulation 12 (2) of the word "livestock".
4. By the substitution for the word "stock" in regulation 13 (a) of the word "livestock".
5. By the substitution for the word "animal" in regulation 13 (b) of the word "livestock".
6. By the substitution for the word "stock" in regulation 14 of the word "livestock".
7. By the substitution for the word "stock" in regulation 14 (b) of the word "livestock".
8. By the substitution for the word "stock" in the sub-heading "Rendering Returns of Stock Slaughtered for Local Consumption" of the word "livestock".
9. By the substitution for the word "stock" wherever it occurs in regulation 15 of the word "livestock".
10. By the substitution for the word "stock" in regulation 17 (a) of the word "livestock".
11. By the substitution for the words "cattle, sheep, goats or pigs" in regulation 19 (c) of the word "livestock".

No. 114.]

[1 Augustus 1964

WYSIGING VAN REGULASIES OOR DIE BEHEER VAN VLEISHANDEL.

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid aan hom verleen by artikel *nege* van die Vleishandelbeheerordonnansie 1962 (Ordonnansie 20 van 1962) die regulasies soos uitgevaardig by Goewermentskennisgewing 87 van 1 Junie 1963 soos volg te wysig:—

1. Deur in die sub-hoof „Verbod op uitvoer van Vee sonder Permit" die woord „vee" deur die woorde „lewende hawe" te vervang.
2. Deur in regulasie 12 (1) die woorde „beeste, skape, bokke of varke" deur die woorde „lewende hawe" te vervang.
3. Deur in regulasie 12 (2) die woord „vee" deur die woorde „lewende hawe" te vervang.
4. Deur in regulasie 13 (a) die woord „vee" deur die woorde „lewende hawe" te vervang.
5. Deur in regulasie 13 (b) die woorde „'n dier" deur die woorde „lewende hawe" te vervang.
6. Deur in regulasie 14 die woord „vee" deur die woorde „lewende hawe" te vervang.
7. Deur in regulasie 14 (b) die woord „vee" deur die woorde „lewende hawe" te vervang.
8. Deur in die sub-hoof „Indiening van Opgawes oor Vee geslag vir Plaaslike Gebruik" die woord „vee" deur die woorde „lewende hawe" te vervang.
9. Deur in regulasie 15 die woord „vee" waar dit voorkom deur die woorde „lewende hawe" te vervang.
10. Deur in regulasie 17 (a) die woord „vee" deur die woorde „lewende hawe" te vervang.
11. Deur in regulasie 19 (c) die woorde „beeste, skape, bokke of varke" deur die woorde „lewende hawe" te vervang.

No. 115.] [1st August, 1964

DECREASING OF THE STANDARD DISTANCE BETWEEN THE FENCES ALONG MAIN ROAD 58 ON THE FARM POMONA 214: GOBABIS DISTRICT.

By virtue of the powers vested in me by section 40 (1) of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962), permission is hereby granted to the owner of the farm Pomona 214, Gobabis district to decrease the prescribed width of 60 metres between the fences along main road 58, for a distance of 84 metres to a minimum of 32 metres at the narrowest point where the road passes between the homestead and drinking troughs.

Dated in Windhoek this 20th day of July, 1964.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator.

No. 116.] [1st August, 1964

The Administrator has been pleased in terms of sub-section (4) of section two and section three of the Post Office Ordinance No. 30 of 1963, to approve of the following amendments to the Telegraph Regulations:—

That the Basic Telegram Tariffs (Inter-territorial) appearing on page 1 of Government Notice No. 22 of 14th February, 1961, be amended by:

- (i) the deletion of "The Central African Republic" under "The Union of Central African Republics".
- (ii) the addition of the following particulars:— "Central African Republic 27 (2) 27 (4)".

No. 117.] [1st August, 1964

The Administrator has been pleased in terms of sub-section (4) of section two and section three of the Post Office Ordinance No. 30 of 1963, to approve of the following amendment to the preamble of Government Notice No. 91 of 15th June, 1964:—

Replace the words "in terms of sub-section (4) of section four and section five of the Post Office Administration Proclamation (Proclamation No. 15 of 1931)" by "in terms of sub-section (4) of section two and section three of the Post Office Ordinance No. 30 of 1963."

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. R. 819 (Republic).] [29th May, 1964

ADMISSION OF PERSONS TO THE UNION REGULATION ACT, 1913, — AMENDMENT OF REGULATIONS.

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section *twenty-six* of the Admission of Persons to the Union Regulation Act, No. 22 of 1913, as amended, to delete the Second Annexure to the abovementioned regulations promulgated in terms of the said provisions and published by Government Notice No. R. 491 of the 3rd April, 1964, and to substitute the following therefor:—

No. 115.] [1 Augustus 1964

VERMINDERING VAN DIE STANDAARDAFSTAND TUSSEN DIE HEININGS LANGS GROOTPAD 58 OP DIE PLAAS POMONA 214: DISTRIK GOBABIS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 40 (1) van die Ordonnansie op Paaie, 1962 (Ordonnansie 28 van 1962), word toestemming hierby aan die eienaar van die plaas Pomona 214, distrik Gobabis, verleen om die voorgeskrewe wydte van 60 meter tussen die heinings langs grootpad 58 te verminder oor 'n afstand van 84 meter tot 'n minimum van 32 meter op die nouste punt waar die pad tussen die opstal en drinkbakke verbygaan.

Gedateer in Windhoek op hierdie 20ste dag van Julie 1964.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur.

No. 116.] [1 Augustus 1964

Dit het die Administrateur behaag om kragtens sub-artikel (4) van artikel twee en artikel drie van die Posordonnansie No. 30 van 1963, sy goedkeuring daaraan te heg dat die Telegraafregulasies soos volg gewysig word:—

Dat die Basiese Telegramtariewe (Interterritoriale) wat op bladsy 1 van Goewermentskenningsgewing No. 22 van 14 Februarie 1961 verskyn, gewysig word deur:—

- (i) die skraping van „Die Sentraal-Afrikaanse Republiek” onder „Die Unie van Sentraal-Afrikaanse Republieke”.
- (ii) die byvoeging van „Die Sentraal-Afrikaanse Republiek 27 (2) 27 (4)”.

No. 117.] [1 Augustus 1964

Dit het die Administrateur behaag om kragtens Sub-artikel (4) van artikel twee en artikel drie van die Posordonnansie No. 30 van 1963 sy goedkeuring daaraan te heg dat die aanhef van Goewermentskenningsgewing No. 91 van 15 Junie 1964 soos volg gewysig word:—

Vervang die woorde „Kragtens sub-artikel (4) van artikel vier en artikel vyf van die Posadministrasie-Proklamasie 1931 (Proklamasie 15 van 1931)” deur „Kragtens sub-artikel (4) van artikel twee en artikel drie van die Posordonnansie No. 30 van 1963.”

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. R. 819. (Republiek).] [29 Mei 1964

WET TOT REGELING VAN DE TOELATING VAN PERSONEN TOT DE UNIE, 1913, — WYSIGING VAN REGULASIES.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses-en-twintig* van die Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie No. 22 van 1913, soos gewysig, die Tweede Byvoegsel tot bogenoemde regulasies, uitgevaardig kragtens voornoemde bepaling en gepubliseer by Goewermentskenningsgewing No. R. 491 van 3 April 1964, te skrap en deur die volgende te vervang:—

ARRIVAL FORM.

Declaration under Section 19 of Act No. 22 of 1913, as amended, to be completed and signed by every person (excluding a wife accompanying her husband or a child under 16 years accompanying a parent or guardian). Persons seeking to enter from or via Mocambique must hand the completed form to the Consul-General for the Republic of South Africa, Lourenco Marques, before proceeding to the Republic.

Name of Ship, No. of train, car or flight Place of Departure No. on passenger list

WARNING. — Any person knowingly giving false information, or making a false declaration, is liable to penalties of fine and imprisonment.

1. The following particulars are to be furnished in respect of yourself, your wife and children under 16 years, if accompanying you.

Name (Blockletters).		Sex.	Date of Birth.	Birthplace.	Citizenship (State country of which you are a citizen).	Particulars of Passport.		
Surname.	First Names.					Number.	Issued at.	Date of Expiry.
Self . . .								
Wife . . .								
1st Child .								
2nd Child								
3rd Child								

2. (a) Marital status (mark with cross):

Single. Married. Widowed. Divorced.

(b) Race:

White. Asiatic. Other.

3. Reason for coming to South Africa: (Mark with cross).

S.A. Resident returning after temporary absence.

Former S.A. resident returning after permanent residence abroad.

New Immigrant.

Visit for purpose of:

Business.

Holiday.

Study.

In Transit.

4. To be completed by S.A. Residents only:—

State (a) number of days spent outside South Africa and (b) total amount spent outside South Africa, including expenditure of wife and children under 16 years if they accompanied you, and including cost of travel tickets purchased in South Africa R

5. State (a) country where you are permanently resident and (b) your occupation

N.B.—The following questions do not apply to persons born or domiciled in South Africa returning after a temporary absence of less than three years, tourists on a ship calling at a South Africa port on an organized pleasure cruise, members of a foreign military force granted consent by the Government to enter South Africa, or members of the Diplomatic or Consular Corps duly accredited to the Republic of South Africa.

6. (a) What European languages can you write? and (b) your wife, if accompanying you?

7. What means can you produce as your own bona fide property for your use in South Africa?

8. Indicate appropriately with a cross whether you, or any of those accompanying you:—

Have ever been restricted or refused entry into South Africa

Have ever been deported from or ordered to leave South Africa

Have ever been convicted of any crime in any country

Are suffering from tuberculosis or any other infectious or contagious disease

Yes. No.

Yes. No.

Yes. No.

Yes. No.

I hereby declare that I understand the above questions and have answered them truthfully.

Declared before me at this day of 19.....

Landed at

On the

Signature (or mark) of Passenger.

Passport Control Officer.

AANKOMSVORM.

Die verklaring ingevolge artikel 19 van Wet No. 22 van 1913, soos gewysig, moet ingevul en onderteken word deur elke persoon (uitgesonderd 'n vrou wat haar man vergesel, of 'n kind onder die leeftyd van 16 jaar wat 'n ouer of voog vergesel). Persone wat uit of via Mosambiek wil binnekom, moet die ingevulde vorm aan die Konsul-generaal van die Republiek van Suid-Afrika, Lourenco Marques, oorhandig voordat hulle na die Republiek vertrek.

Naam van skip, No. van trein, motor of vlug Plek van vertrek No. op Passasierslys

WAARSKUWING. — Enigene wat wettens valse inligting verstrek of 'n valse verklaring aflê, is strafbaar met 'n boete en gevangenisstraf.

1. Die volgende besonderhede moet verstrek word ten opsigte van uself, u eggenote en kinders onder 16 jaar, indien hulle u vergesel.

Naam (Blokletters).		Geslag.	Geboortedatum.	Geboorteplek.	Burgerskap (meld land waarvan u 'n burger is).	Besonderhede van paspoort.		
Familienaam.	Voorname.					Nommer.	Uitgereik te.	Vervaldatum.
Self . . .								
Vrou . . .								
1ste Kind .								
2de Kind .								
3de Kind .								

2. (a) Huwelikstaat (merk met 'n kruisie): Ongetroud. Getroud. Weduwee of wewenaar. Geskei. (b) Ras: Blank. Asiaat. Ander.

3. Doel van koms na Suid-Afrika: (merk met 'n kruisie)

<input type="checkbox"/> S.A. inwoner wat terugkeer na tydelike afwesigheid.	<input type="checkbox"/> Voormalige S.A. inwoner wat terugkeer na permanente verblyf in die buiteland.	<input type="checkbox"/> Nuwe immigrant.	Besoek vir doeleindes van:	
			<input type="checkbox"/> Besigheid.	<input type="checkbox"/> Vakansie. <input type="checkbox"/> Studie. <input type="checkbox"/> Op deurreis.

4. Moet slegs deur S.A. inwoners ingevul word:—
Meld (a) getal dae buite Suid-Afrika deurgebring en (b) totale bedrag buite Suid-Afrika uitgegee, met inbegrip van uitgawes van vrou en kinders onder 16 jaar, indien hulle u vergesel het, en insluitende die koste van reiskaartjies wat in Suid-Afrika gekoop is R

5. Meld (a) land waar u permanent woonagtig is en (b) u beroep

L.W.— Onderstaande vrae is nie van toepassing nie op persone wat in Suid-Afrika gebore of gedomisileer is en wat na 'n tydelike afwesigheid van minder as drie jaar terugkeer, toeriste op 'n skip wat 'n Suid-Afrikaanse hawe aandoen op 'n georganiseerde plesierreis, lede van 'n buitelandse militêre mag wat deur die Regering toestemming verleen is om Suid-Afrika binne te kom, of lede van die Diplomatieke of Konsulêre Korps wat behoorlik by die Republiek van Suid-Afrika geakkrediteer is.

6. (a) Watter Europese tale kan u skryf? en (b) u vrou, indien sy u vergesel?

7. Watter middele kan u toon as u eie *Bona fide*-Besitting vir u gebruik in Suid-Afrika?

8. Dui paslik met 'n kruisie aan of u, of enigene van diegene wat u vergesel:—

Ooit beperkings opgelê of toegang tot Suid-Afrika geweier is. Ja. Nee. Ooit gedeporteer uit of gelas is om Suid-Afrika te verlaat. Ja. Nee. Ooit aan enige misdaad skuldig bevind is in enige land. Ja. Nee. Aan tuberkulose of enige ander aansteeklike of oordraagbare siekte ly. Ja. Nee.

Ja.	Nee.
-----	------

Ja.	Nee.
-----	------

Ja.	Nee.
-----	------

Ja.	Nee.
-----	------

Ek verklaar hierby dat ek bostaande vrae begryp en dat my antwoorde daarop waar is.

Verklaar voor my te op hede die dag van 19

Geland te

Op die

Handtekening (of merk) van passasier.

Paspoortbeheerbeampte.

DEPARTMENT OF HEALTH.

No. R. 923 (Republic).]

[26th June, 1964.

RULES REGARDING REGISTRATION OF
ADDITIONAL QUALIFICATIONS.

The Minister of Health in the exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved the amendment of the rules regarding the registration of additional qualifications made by the South African Pharmacy Board under sub-section (2) of the said section of the Act and published under Government Notice No. R. 670 of 10th May, 1963, as follows:—

By the substitution for the footnote at the end “(1) provided that one of the major subjects taken for such degree is Chemistry.” of the words:—

“(1) Provided that one of the major subjects taken for such degree is a subject included in the curricula for the Degrees in Pharmacy and the Diploma in Pharmacy, prescribed under section *twenty-five* and *twenty-seven*, respectively, of the Medical, Dental and Pharmacy Act, No. 13 of 1928”.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. R. 934 (Republic).]

[26 June 1964.

The Minister of Transport has, in terms of section *nineteen* of the Motor Carrier Transportation Act, 1930, (Act No. 39 of 1930), as amended, contained in the Schedule hereto with effect from 1st August, 1964:—

SCHEDULE.

(1)

1. Regulation 5 of the Motor Transport Regulations, 1964, promulgated by Government Notice No. R. 45 of 17th January, 1964, hereinafter called the Principal Regulations, is hereby amended by the substitution in sub-regulation (1) for the words “*Official Gazette* of every province in which the proposed motor carrier transportation is to be carried on” of the words “*Government Gazette*”.

2. Regulation 12 of the Principal Regulations is hereby amended by the substitution for the words “*Official Gazette* of every province in which the area or route referred to is situate” of the words “*Government Gazette*”.

3. Regulation 16 of the Principal Regulations is hereby amended by the substitution for the words “*Official Gazette* of every province in which motor carrier transportation in terms of the said certificate is undertaken” of the words “*Government Gazette*”.

4. Regulation 18 of the Principal Regulations is hereby amended—

(a) by the substitution in sub-regulation (2) for the words “*Official Gazette* of the province in which the motor carrier transportation in question is being carried on” of the words “*Government Gazette*”; and

(b) by the substitution in that sub-regulation for the words “said province” where they occur for the first time of the words “province in which the motor carrier transportation in question is being carried on”.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. R. 935 (Republic).]

[26 June 1964.

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF
SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COM-
MUNISM ACT, 1950 (ACT NO. 44 OF 1950),
AS AMENDED.

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of

DEPARTMENT VAN GESONDHEID.

No. R. 923 (Republiek).]

[26 Junie 1964.

REËLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN
ADDISIONELE KWALIFIKASIES.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls betreffende die registrasie van addisionele kwalifikasies wat deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie kragtens subartikel (2) van genoemde artikel van die Wet opgestel is en wat by Goewermentskennisgewing No. R. 670 van 10 Mei 1963 afgekondig is, soos volg:—

Deur aan die einde daarvan die voetnoot „(1) op voorwaarde dat skeikunde een van die hoofvakke is wat vir so 'n graad geneem is.” deur die volgende voetnoot te vervang:—

„(1) Op voorwaarde dat een van die hoofvakke wat vir sodanige graad geneem is, 'n vak is wat ingesluit is in die leerplan vir die Grade in Farmasie en die Diploma in Farmasie, voorgeskryf kragtens onderskeidelik artikels *vyf-en-twintig* en *sewe-en-twintig*, van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, No. 13 van 1928.”

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. R. 934 (Republiek).]

[26 Junie 1964.

Die Minister van Vervoer het kragtens die bepalings van artikel *negentien* van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, die regulasies in die bylae hiervan vervat, met ingang van 1 Augustus 1964, gemaak:—

BYLAE.

(1)

1. Regulasie 5 van die Motortransportregulasies, 1964, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 45 van 17 Januarie 1964, hieronder die Hoofregulasies genoem, word hierby gewysig deur in subregulasie (1) die woorde „*Offisiële Koerant* van elke provinsie waarin die voorgestelde motortransport onderneem sal word” deur die woord „*Staatskoerant*” te vervang.

2. Regulasie 12 van die Hoofregulasies word hierby gewysig deur die woorde „*Offisiële Koerant* van elke provinsie waarin die betrokke roete geleë is” deur die woord „*Staatskoerant*” te vervang.

3. Regulasies 16 van die Hoofregulasies word hierby gewysig deur die woorde „*Offisiële Koerant* van elke provinsie waarin motortransport ingevolge gemelde sertifikaat onderneem word” deur die woord „*Staatskoerant*” te vervang.

4. Regulasie 18 van die Hoofregulasies word gewysig

(a) deur in subregulasie (2) die woorde „*Offisiële Koerant* van die provinsie waarin die betrokke motortransport onderneem word” deur die woorde „*Staatskoerant*” te vervang; en

(b) deur in bedoelde subregulasie die woorde „voormelde provinsie” deur die woorde „provinsie waarin die betrokke motortransport onderneem word” te vervang.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. R. 935 (Republiek).]

[26 Junie 1964.

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE
ARTIKEL *TEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDER-
DRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44
VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die

Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of a notice issued in terms of sub-section (1) of section *nine* of the said Act whereby the undermentioned person was prohibited from attending gatherings:—

Onderdrukking van Kommuniste, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) van artikel *nege* van genoemde wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persoon verbied is om byeenkomste by te woon:—

Name Naam	Address mentioned in Notice Adres in Kennisgewing vermeld	Date on which Notice was delivered Datum waarop Kennis- gewing oorhandig is	Date on which Notice Expires Datum waarop Kennis- gewing verstryk
Molefe, Selina	7619 Orlando West/-Wes, Johannes- burg	4/5/64	31/3/69

No. 938 (Republic).]

[26th June, 1964.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL
COUNCIL.

AMENDMENT OF THE REGULATIONS FOR THE
REGISTRATION, ETC., OF MEDICAL AND DENTAL
STUDENTS.

The State President has been pleased, under the powers, vested in him by section *twenty-five* of the Medical Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended, read with sub-section (1) of section *ninety-four* of the said Act, and after considering a recommendation by the South African Medical and Dental Council, to amend the regulations for the registration, etc., of medical and dental students under the Act, published under Government Notice No. 1252 of 1959, as amended, as follows:—

In Chapter VI.

By the addition at the end of regulation 4 of the words: "Examiners may take into account the duly document records of work done by a candidate throughout the course of study leading to the examinations".

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. R. 940 (Republic).]

[26 June 1964.

EXCHANGE CONTROL REGULATIONS. —
APPOINTMENT OF AUTHORISED DEALER.

Paragraph 3 (a) of Government Notice No. R. 1112 of the 1st December 1961, as amended by Government Notices No. R. 1212 of the 15th December, 1961, No. R. 512 of the 30th March, 1962, No. R. 691 of the 10th May, 1963, No. R. 1223 of the 9th August, 1963, and No. R. 1922 of the 13th December, 1963, is hereby further amended by the addition of The Trust Bank of Africa, Limited, to the list of authorised dealers for the purposes of the Exchange Control Regulations published under Government Notice No. R. 1111 of 1st December, 1961.

HEALTH.

No. 955 (Republic).]

[26th June, 1964.

AUTHORISATION OF VETERINARIANS IN TERMS
OF SECTION EIGHTY-NINE OF THE MEDICAL,
DENTAL AND PHARMACY ACT, 1928.

The Minister of Health has in the exercise of the powers conferred upon him by Section *eighty-nine* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928, (Act No. 13 of 1928), authorised the undermentioned Veterinarians to import, purchase, acquire, keep, use, prescribe, order or supply poisons and habit-forming drugs in the course of their practice solely for the treatment of animals under their care in accordance with the provisions of the Act:—

No. 938 (Republiek).]

[26 Junie 1964.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN
TANDHEELKUNDIGE RAAD.

WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE DIE
REGISTRASIE, ENS., VAN STUDENTE IN DIE
GENEESKUNDE EN IN DIE TANDHEELKUNDE.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf-en-twintig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, gelees met subartikel (1) van artikel *vier-en-negentig* van genoemde Wet, en na ooreweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die regulasies betreffende die registrasie, ens., van studente in die geneeskunde en in die tandheelkunde ingevolge die Wet, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1252 van 1959, soos gewysig, as volg te wysig:—

In Hoofstuk VI.

Deur die toevoeging aan die einde van regulasie 4 van die woorde „Behoorlik gedokumenteerde rekords van werk gedoen deur 'n kandidaat gedurende die studiekursus wat die eksamens voorafgaan, mag deur die eksaminatore in aanmerking geneem word.”

DEPARTMENT VAN FINANSIES.

No. R. 940 (Republiek).]

[26 Junie 1964.

DEVIESEBEHEERREGULASIES. — AANSTELLING
VAN GEMAGTIGDE HANDELAAR.

Paragraaf 3 (a) van Goewermentskennisgewing No. R. 1112 van 1 Desember 1961, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. R. 1212 van 15 Desember 1961, No. R. 512 van 30 Maart 1962, No. R. 691 van 10 Mei 1963, No. R. 1223 van 9 Augustus 1963 en No. R. 1922 van 13 Desember 1963, word hierby verder gewysig deur die toevoeging van Die Trust Bank van Afrika, Beperk, aan die lys van gemagtigde handelaars vir doeleindes van die Deviesebeheerregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing Nr. R. 1111 van 1 Desember 1961.

GESONDHEID.

No. 955 (Republiek).]

[26 Junie 1964.

MAGTIGING VAN VEEARTSE Kragtens ARTIKEL
NEGE-EN-TAGTIG VAN DIE WET OP GENEESHERE,
TANDARTSE EN APTEKERS, 1928.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikel *nege-en-tagtig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), ondergenoemde veeartse gemagtig om vergifte en gewoontevormende medisyne in te voer, te koop, aan te skaf, aan te hou, te gebruik, voor te skryf, te bestel of te verstrek in hul praktyk uitsluitlik vir die behandeling van diere onder hulle sorg en ooreenkomstig die bepalinge van die Wet:—

- | | |
|--|---|
| (1) John Christopher Austin, B.V.Sc.,
14 Santa Melia,
Wyndcliff Road,
Bellvue Central,
JOHANNESBURG. | (1) John Christopher Austin, B.V.Sc.,
Santa Melia 14,
Wyndcliffweg,
Bellvue Sentraal,
JOHANNESBURG. |
| (2) Richard Brian Bilbrough, B.V.Sc.,
c/o Director of Agriculture,
WINDHOEK, S.W.A. | (2) Richard Brian Bilbrough, B.V.Sc.,
P/a Direkteur van Landbou,
WINDHOEK, S.W.A. |
| (3) Michael Peter Brightman, B.V.Sc.,
P. O. Box 47,
SAXONWALD. | (3) Michael Peter Brightman, B.V.Sc.,
Posbus 47,
SAXONWALD. |
| (4) John Andrew Chandler, B.V.Sc.,
44 Rose Street,
Riviera,
PRETORIA. | (4) John Andrew Chandler, B.V.Sc.,
Rosestraat 44,
Riviera,
PRETORIA. |
| (5) Georgina Crewe, B.V.Sc.,
55 Empire Road,
Parktown,
JOHANNESBURG. | (5) Georgina Crewe, B.V.Sc.,
Empireweg 55,
Parktown,
JOHANNESBURG. |
| (6) Charles Deacon, B.V.Sc.,
20 Wesley Street,
UITENHAGE. | (6) Charles Deacon, B.V.Sc.,
Wesleystraat 20,
UITENHAGE. |
| (7) Stuart John Traunak Downes, B.V.Sc.,
348 Berea Road,
DURBAN. | (7) Stuart John Traunak Downes, B.V.Sc.,
Bereaweg 348,
DURBAN. |
| (8) Jan Hermanus du Preez, B.V.Sc.,
P. O. Box 20,
STANDERTON. | (8) Jan Hermanus du Preez, B.V.Sc.,
Posbus 20,
STANDERTON. |
| (9) Adèle Faul, B.V.Sc.,
P. O. Box 11,
BRITSTOWN. | (9) Adèle Faul, B.V.Sc.,
Posbus 11,
BRITSTOWN. |
| (10) Frank Martin Freeman, B.V.Sc.,
Daytona,
CERES. | (10) Frank Martin Freeman, B.V.Sc.,
Daytona,
CERES. |
| (11) Charles Peter Harte, B.V.Sc.,
P. O. Box 482,
QUEENSTOWN. | (11) Charles Peter Harte, B.V.Sc.,
Posbus 482,
QUEENSTOWN. |
| (12) André Immelman, B.V.Sc.,
22 Second Ave,
Lambton,
GERMISTON. | (12) André Immelman, B.V.Sc.,
Tweedelaan 22,
Lambton,
GERMISTON. |
| (13) Abraham Johannes Jordaan, B.V.Sc.,
P. O. Box 142,
KENHARDT. | (13) Abraham Johannes Jordaan, B.V.Sc.,
Posbus 142,
KENHARDT. |
| (14) Hans Helmut Kleeberg, Dr. Med. Vet.,
ONDERSTEPOORT. | (14) Hans Helmut Kleeberg, Dr. Med. Vet.,
ONDERSTEPOORT. |
| (15) Stefanus Sebastian Lombard, B.V.Sc.,
P. O. Box 196,
BLOEMFONTEIN. | (15) Stefanus Sebastian Lombard, B.V.Sc.,
Posbus 196,
BLOEMFONTEIN. |
| (16) William David Russell, B.V.Sc.,
30 St. Peters Road,
Bellvue,
JOHANNESBURG. | (16) William David Russell, B.V.Sc.,
St. Petersweg 30,
Bellvue,
JOHANNESBURG. |
| (17) Siegfried Stampa, Dr. Med. Vet.,
60 Market Street,
GRAHAMSTOWN. | (17) Siegfried Stampa, Dr. Med. Vet.,
Markstraat 60,
GRAHAMSTOWN. |
| (18) Reginald James Sutherland, B.V.Sc.,
1221 Schoeman Street,
Hatfield,
PRETORIA. | (18) Reginald James Sutherland, B.V.Sc.,
Schoemanstraat 1221,
Hatfield,
PRETORIA. |
| (19) Robert Douglas Sykes, B.V.Sc.,
108 Gleneagles,
Killarney,
JOHANNESBURG. | (19) Robert Douglas Sykes, B.V.Sc.,
Gleneagles 108,
Killarney,
JOHANNESBURG. |
| (20) Maxwell James Orissa Taylor, B.V.Sc.,
Cherry Tree,
P. O. HILTON. | (20) Maxwell James Orissa Taylor, B.V.Sc.,
Cherry Tree,
P. K. HILTON. |
| (21) Marianna Thomson, B.V.Sc.,
1 Long Street,
MONTAGU. | (21) Marianna Thomson, B.V.Sc.,
Longstraat 1,
MONTAGU. |
| (22) Ladilaus Valkanyi, Dr. Med. Vet.,
P. O. Box 2960,
JOHANNESBURG. | (22) Ladilaus Valkanyi, Dr. Med. Vet.,
Posbus 2960,
JOHANNESBURG. |
| (23) Carel Petrus van der Merwe, B.V.Sc.,
2 Main Road,
Farrarmere,
BENONI. | (23) Carel Petrus van der Merwe, B.V.Sc.,
Hoofweg 2,
Farrarmere,
BENONI. |
| (24) Johannes Willem van der Vyver, B.V.Sc.,
780 Hertzog Street,
Rietfontein,
PRETORIA. | (24) Johannes Willem van der Vyver, B.V.Sc.,
Hertzogstraat 780,
Rietfontein,
PRETORIA. |

- (25) Albert Stephanus van Jaarsveld, B.V.Sc.,
57 McGuinness Street,
PAROW.
- (26) Jacobus Hendrik van Schalkwyk, B.V.Sc.,
Kalkfontein,
BOSHOF.
- (27) Carel Izak van Wyk, B.V.Sc.,
State Veterinarian,
KROONSTAD.
- (28) Courtney Martin Veary, B.V.Sc.,
104 Eleventh Avenue,
Highlands North,
JOHANNESBURG.
- (29) David Brian Weaver, B.V.Sc.,
96 Fifth Street,
SPRINGS.
- (30) Roderick Attwood Wilson, B.V.Sc.,
P. O. Box 137,
KNYSNA.
- (31) Edwin Young, B.V.Sc.,
22 Koos de la Rey Street,
PRETORIA NORTH.
- (32) Ingolf Fritz Zumpt, B.V.Sc.,
33 Sixteenth Street,
Parkhurst,
JOHANNESBURG.

- (25) Albert Stephanus van Jaarsveld, B.V.Sc.,
McGuinnessstraat 57,
PAROW.
- (26) Jacobus Hendrik van Schalkwyk, B.V.Sc.,
Kalkfontein,
BOSHOF.
- (27) Carel Izak van Wyk, B.V.Sc.,
Staatsveearts,
KROONSTAD.
- (28) Courtney Martin Veary, B.V.Sc.,
Elfdelaan 104,
Highlands North,
JOHANNESBURG.
- (29) David Brian Weaver, B.V.Sc.,
Vyfdestraat 96,
SPRINGS.
- (30) Roderick Attwood Wilson, B.V.Sc.,
Posbus 137,
KNYSNA.
- (31) Edwin Young, B.V.Sc.,
Koos de la Reystraat 22,
PRETORIA-NOORD.
- (32) Ingolf Fritz Zumpt, B.V.Sc.,
Sestiendestraat 33,
Parkhurst,
JOHANNESBURG.

No. 969 (Republic).]

[1st July, 1964.

AMENDMENT TO THE COMMANDO
REGULATIONS.

The State President has been pleased, in terms of paragraph (s) of sub-section (1) of section *eighty-seven* of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), as amended, to amend the Commando Regulations promulgated by Government Notice No. R. 1048, dated 15th July, 1960, as amended, as follows:—

CHAPTER I.

Paragraph (i), sub-regulation (1) of regulation 1.

Delete the existing paragraph (i) and insert the following new paragraph:—

“(i) ‘attested other rank’ means an other rank who has in terms of regulations 1, 2 and 3 of Chapter XXI of these regulations taken a service oath, and ‘attested service’ shall have a corresponding meaning; (vi) *bis*.”

Paragraph (i) bis sub-regulation (1) of regulation 1.

Insert the following new paragraph (i) *bis*:—

“(i) *bis* ‘commander’ means the commander of a commando or a commando squadron; (i).”

Paragraph (iv), sub-regulation (1) of regulation 1.

Delete the existing paragraph (iv) and insert the following new paragraph:—

“(iv) ‘commandant’ means the commander of a commando or a commando squadron, as the case may be; (vii).”

Paragraph (vi), sub-regulation (1) of regulation 1.

Substitute the words “a commando squadron” for the words “an independent field cornetcy”.

Paragraph (vi) bis sub-regulation (1) of regulation 1.

Insert the following new paragraph (vi) *bis*:—

“(vi) *bis* ‘commando squadron’ means an air commando established in terms of section *thirty-two* of the Act read with regulation 3 of Chapter II of these regulations; (xii).”

Paragraph (xiv), sub-regulation (1) of regulation 1.

Delete the existing paragraph (xiv).

Regulation 3.

Insert the following new regulation 3:—

“3. In these regulations any reference to —

(a) ‘commandant’ other than reference thereto in sub-regulation (1) of regulation 1 and sub-regulation (2) of regulation 2 of Chapter XV of these regulations shall be construed as a reference to ‘commander’; and

No. R. 969 (Republiek).]

[1 Julie 1964.

WYSIGING VAN DIE KOMMANDOREGULASIES.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van paragraaf (s) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-tagtig* van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), soos gewysig, die Kommandoregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1048, gedateer 15 Julie 1960, soos gewysig, soos volg te wysig:—

HOOFSTUK I.

Paragraaf (i), subregulasie (1) van regulasie 1.

Skrap die bestaande paragraaf (i) en voeg die volgende nuwe paragraaf in:—

„(i) ‘bevelvoerder’ die bevelvoerder van ‘n kommando of ‘n kommando-eskader; (i) *bis*.”

Paragraaf (vi) bis, subregulasie (1) van regulasie 1.

Voeg die volgende nuwe woordbepaling in:—

„(vi) *bis*. ‘ingesweerde manskap’ ‘n manskap wat kragtens regulasies 1, 2 en 3 van Hoofstuk XXI van hierdie regulasies ‘n dienseed afgelê het, en het ‘ingesweerde diens’ ‘n ooreenstemmende betekenis; (i)”

Paragraaf (vii), subregulasie (1) van regulasie 1.

Skrap die bestaande paragraaf (vii) en voeg die volgende nuwe paragraaf in:—

„(vii) ‘kommandant’ die bevelvoerder van ‘n kommando of kommando-eskader, na gelang van die geval; (iv)”

Paragraaf (xi), subregulasie (1) van regulasie 1.

Vervang die woorde „selfstandige veldkornetskap” deur die woorde „kommando-eskader”.

Paragraaf (xii), subregulasie (1) van regulasie 1.

Skrap die bestaande paragraaf (xii) en voeg die volgende nuwe paragraaf in:—

„(xii) ‘kommando-eskader’ ‘n lugkommando gestig kragtens artikel *twee-en-dertig* van die Wet, gelees met regulasie 3 van Hoofstuk II van hierdie regulasies; (vi) *bis*.”

Regulasie 3.

Voeg die volgende nuwe regulasie 3 in:—

„3. In hierdie regulasies word enige vermelding van —

(a) ‘kommandant’, uitgesonderd die vermelding daarvan in subregulasie (1) van regulasie 1 en subregulasie (2) van regulasie 2 van Hoofstuk XV van hierdie regulasies, uitgelê as ‘n vermelding van ‘bevelvoerder’; en

- (b) 'field cornetcy' or 'assistant field cornetcy' shall be construed as a reference to 'sub-unit' or 'sub-sub-unit' respectively."

CHAPTER II.

Regulation 2.

Delete the existing regulation 2 and insert the following new regulation:—

"2. The system of commandos shall consist of commando groups, commandos and commando squadrons."

Regulations 4 and 5.

Delete the existing regulations 4 and 5 and the headings thereof and insert the following new heading and regulation 4:—

"Organisation of Commandos and Commando Squadrons.

4. The organisation of a commando shall as far as practicable be based on the organisation of an infantry battalion and a commando squadron shall with such adjustment as may be necessary, be organised like an air force squadron of corresponding size."

Regulation 7.

Delete the existing regulation 7 and insert the following new regulation:—

"7. A commando shall consist of —

- (a) officers appointed thereto in terms of these regulations;
- (b) other ranks who are enrolled in terms of section *thirty-five* of the Act;
- (c) attested other ranks;
- (d) other other ranks who were serving at the commencement of Chapter XXI and who did not attest; and
- (e) honorary members appointed in terms of section *thirty-seven* of the Act."

CHAPTER V.

Regulation 1.

Delete the existing heading and regulation 1 and insert the following new heading and regulation:—

"Capitation Grant.

1. A grant for commando expenses may be made available to the Army Chief of Staff each financial year to be applied by him in accordance with instructions which he may issue in consultation with the Adjutant General —

- (a) to cover expenses, other than expenses for which financial provision has been made in any other manner, incurred in connection with training and the promotion of efficiency, morale and *esprit-de-corps* of commandos;
- (b) to reimburse a commander for personal expenses incurred by him in the discharge and execution of his duties or functions."

Regulation 3.

Delete the existing regulation and heading and insert the following new heading and regulation:—

"Clerical Allowance.

3. Commandos not provided with the free services of a member of the Permanent Force or of a civilian employed against a Permanent Force post as a clerical assistant, may be granted annually an amount not exceeding R420 for the employment of civilian clerical assistants subject to compliance with directions issued from time to time in consultation with the Adjutant General."

Regulation 6.

Substitute the words "sub-unit" or "sub-sub-unit commander" for the words "field cornet or assistant field cornet".

CHAPTER VII.

Delete the existing Chapter VII entirely and substitute the following new Chapter therefor:—

- (b) 'veldkornetskap' of 'assistent-veldkornetskap' uitgelê as 'n vermelding onderskeidelik van 'subeenheid' of 'sub-subeenheid'."

HOOFSTUK II.

Regulasie 2.

Skrap die bestaande regulasie 2 en voeg die volgende nuwe regulasie in:—

"2. Die kommandostelsel bestaan uit kommando-groepe, kommando's en kommando-eskaders."

Regulasies 4 en 5.

Skrap die bestaande regulasies 4 en 5 en die opskrifte daarvan en voeg die volgende nuwe opskrif en regulasie 4 in:—

„Organisasie van kommando's en kommando-eskaders.

4. Die organisasie van 'n kommando word sover doenlik op die organisasie van 'n infanterie-bataljon gebaseer en 'n kommando-eskader word met die nodige aanpassing soos 'n lugmageskader van ooreenstemmende grootte georganiseer."

Regulasie 7.

Skrap die bestaande regulasie 7 en voeg die volgende nuwe regulasie in:—

"7. 'n Kommando bestaan uit —

- (a) offisiere wat ingevolge hierdie regulasies daarin aangestel is;
- (b) manskappe wat ingevolge artikel *vyf-en-dertig* van die Wet ingeskryf is;
- (c) ingesweerde manskappe;
- (d) ander manskappe wat by die inwerkingtreding van Hoofstuk XXI gedien het en hulle nie laat insweer het nie; en
- (e) erelede wat ooreenkomstig artikel *sewe-en-dertig* van die Wet aangestel is."

HOOFSTUK V.

Regulasie 1.

- (iii) 'n vliegtuig besit of bewys lewer dat hy, vir opleidingsdoeleindes, oor die gebruik van 'n vliegtuig beskik wat tot tevredenheid van die Leërstafof gewaarborg is."

Regulasie 2.

(a) Skrap die woorde „as manskap" in paragraaf (e) en voeg die woorde „of hy die kommissierang wat hy bekleë het, bedank of as gevolg van die beëindiging van sy diens verbeur het" in na die woord „is".

(b) Skrap paragrawe (f) en (g) en voeg die volgende nuwe paragraaf (f) in:—

„(f) hy hom ooreenkomstig Hoofstuk XXI laat insweer;"

Regulasie 6.

Skrap die bestaande regulasie 6 en voeg die volgende nuwe regulasie in:—

„6. Elke persoon wie se diens in die Staande- of Burgermagreserwe ingevolge paragraaf (e) van regulasie 2 beëindig is ten einde hom in staat te stel om by 'n kommando aan te sluit, kan, behoudens die bepaling van die Wet, by die beëindiging, om enige rede, van daardie diens in 'n kommando, verplig word om weer in die reserwe waarvan hy voorheen lid was, diens te aanvaar vir die onverstreke gedeelte van die tydperk van diens waartoe by sy opname in daardie reserwe verplig was: Met dien verstande dat sy diens in 'n kommando as diens in die betrokke reserwe gereken word by die bepaling van sodanige onverstreke gedeelte."

HOOFSTUK XII.

Regulasie 3.

(a) Skrap die woorde „of van 'n selfstandige veldkornetskap" in subregulasie (1).

(b) Skrap die woorde „en van 'n selfstandige veldkornetskap" in subregulasie (2).

HOOFSTUK XIII.

Regulasie 1.

Skrap regulasie 1 en voeg die volgende nuwe regulasie in:—

„1. (1) Enigiemand wat begerig is om in 'n kommando te dien, kan aansoek doen om hom vir diens ooreenkomstig artikel *ses-en-dertig* van die Wet, gelees met Hoofstuk XXI, te verbind deur die aansoekvorm in subregulasie (4) bedoel, in te vul en

(4) and submitting it to the commander of the commando which he wishes to join.

(2) Any member, other than a member to whom regulation 5 of Chapter XI applies, who on the date of commencement of Chapter XXI was serving as an other rank in a commando, and who desires to engage for attested service, may apply therefor to his commander in writing on the form referred to in sub-regulation (4), and shall declare in his application that he subjects himself to the conditions of service prescribed in that chapter.

(3) An other rank who is about to complete or has completed four years attested service or service in terms of section *thirty-five* of the Act, may apply in writing on the form referred to in sub-regulation (4) to his commander to attest in accordance with regulation 3 of Chapter XXI and shall state in his application the number of years for which he desires to engage himself.

(4) The Army Chief of Staff shall compile an application form for the enrolment for attested service in a commando, in which form provision shall be made at least for the following personal particulars and statements of the applicant —

- (a) his citizenship and profession;
- (b) particulars in relation to the conditions referred to in paragraphs (b), (c), (d), (e) and (h) of regulation 2 of Chapter XI;
- (c) particulars of previous and current service in a commando and the reason for the termination of his previous service;
- (d) particulars of his previous service in any other branch of the SADF and current service in any part of the Reserve showing in every case the mustering and rank he holds or has held;
- (e) a statement that the applicant is aware that his attestation shall engage him for service subject to the conditions prescribed in Chapter XXI; and
- (f) the number of years for which a member referred to in sub-regulation (3), desires to engage."

Regulation 2.

Delete regulation 2 and insert the following new regulation:—

"2. (1) An application referred to in sub-regulation (1) of regulation 1 of this chapter, shall together with the recommendation of the commander concerned be submitted through his officer commanding command to the Army Chief of Staff for consideration of the applicant's enrolment.

(2) If the Army Chief of Staff approves such application the commander concerned shall attest the applicant and notify his officer commanding command of the date of attestation.

(3) The commander concerned may approve the enrolment of members who apply for engagement in terms of sub-regulation (2) or (3) of regulation 1 of this chapter and may attest the members concerned.

(4) All first enrolments shall be in the rank of citizen and the enrolments authorised in terms of sub-regulation (3) shall be in the rank held by the member concerned on the day prior to his attestation: Provided that any person who held a higher substantive rank in the SADF or the Reserve or who is in possession of outstanding qualifications may, with the approval of the Army Chief of Staff, be enrolled in a higher substantive rank than that of citizen."

CHAPTER XVI.

Regulation 2, Sub-Regulation (2).

Delete the words "enrolled under section *thirty-five* of the Act,".

dit aan die bevelvoerder van die kommando waarby hy wil aansluit, voor te lê.

(2) 'n Lid, uitgesonderd 'n lid op wie regulasie 5 van Hoofstuk XI van toepassing is, wat op die datum van inwerkingtreding van Hoofstuk XXI as 'n manskap in 'n kommando gedien het en wat begerig is om hom vir ingesweerde diens te verbind, kan by sy bevelvoerder skriftelik daarom aansoek doen op die vorm bedoel in subregulasie (4) en moet in sy aansoek verklaar dat hy hom onderwerp aan die diensvoorwaardes wat in daardie hoofstuk voorgeskryf word.

(3) 'n Manskap wat vier jaar ingesweerde diens of diens ingevolge artikel *vyf-en-dertig* van die Wet staan te voltooi of voltooi het, kan op die vorm bedoel in subregulasie (4), skriftelik by sy bevelvoerder aansoek doen om hom ooreenkomstig regulasie 3 van Hoofstuk XXI te laat insweer en moet in sy aansoek meld vir hoeveel jaar hy hom wil verbind.

(4) Die Leërstafof stel 'n aansoekvorm op vir inskrywing vir ingesweerde diens in 'n kommando, en in sodanige vorm moet voorsiening gemaak word vir die volgende persoonlike besonderhede en verklarings van die aansoeker:—

- (a) Sy burgerskap en beroep;
- (b) besonderhede in verband met die voorwaardes in paragrawe (b), (c), (d), (e) en (h) van regulasie 2 van Hoofstuk XI bedoel;
- (c) besonderhede van vorige en lopende diens in 'n kommando en die rede waarom sy vorige diens beëindig is;
- (d) besonderhede van sy vorige diens in 'n ander deel van die SA Weermag en lopende diens in enige deel van die Reserwe, met vermelding in elke geval, van die indeling en rang wat hy bekleed of beklee het;
- (e) 'n verklaring dat die aansoeker hom daarvan bewus is dat sy inswering hom tot diens verbind op die voorwaardes in Hoofstuk XXI voorgeskryf; en
- (f) die getal jare waarvoor 'n lid in subregulasie (3) bedoel, hom wil verbind."

Regulasie 2.

Skrap regulasie 2 en voeg die volgende nuwe regulasie in:—

"2. (1) 'n Aansoek in subregulasie (1) van regulasie 1 van hierdie hoofstuk bedoel, moet saam met die aanbeveling van die betrokke bevelvoerder deur tussenkoms van sy kommandementsbevelvoerder aan die Leërstafof ter oorweging van die aansoeker se inskrywing voorgelê word.

(2) Indien die Leërstafof sodanige aansoek goedkeur, laat die betrokke bevelvoerder die aansoeker insweer en verwittig hy sy kommandementsbevelvoerder van die datum van inswering.

(3) Die betrokke bevelvoerder kan die inskrywing goedkeur van lede wat ingevolge subregulasie (2) of (3) van regulasie 1 van hierdie hoofstuk aansoek doen om hulle vir diens te verbind en kan die betrokke lede laat insweer.

(4) Alle eerste inskrywings geskied in die rang van burger, en die inskrywings waarvoor magtigings subregulasie (3) verleen word, geskied in die rang wat die betrokke lid op die dag voordat hy ingesweer word, beklee het: Met dien verstande dat iemand wat in die SAW of die Reserwe 'n hoër substantiewe rang beklee het of wat oor besondere kwalifikasies beskik, met die goedkeuring van die Leërstafof in 'n hoër substantiewe rang as dié van burger ingeskryf kan word."

HOOFSTUK XVI.

Regulasie 2, subregulasie (2).

Skrap die woorde „ingevolge artikel *vyf-en-dertig* van die Wet ingeskryf,".

Regulations 7 and 8.

Delete the existing regulations 7 and 8 and the headings thereof and insert the following new regulation 7 and heading:—

"Care and Custody of Personal Weapons.

7. (1) A member to whom any weapon has been issued for temporary use in terms of these regulations against his personal account, shall —

- (a) at all times keep such weapon in his personal possession or in safe custody and if it is lost, shall report the loss immediately to his commander and the SA Police;
- (b) keep such weapon in good order and condition and shall not make any structural modifications thereto without the authority of the Army Chief of Staff;
- (c) use such weapon only for commando purposes and shall bring it with him when reporting for training, inspection or for any duty; and
- (d) return such weapon if his service is terminated or he is ordered to do so by his superior officer."

CHAPTER XVII.

Regulation 1.

Delete the existing regulation 1 and the heading thereof and insert the following new regulation and heading:—

"Claim to Pay.

1. (1) Pay in accordance with rates which the Public Service Commission may recommend from time to time in terms of section *eighty-two bis* of the Act, shall, subject to sub-regulation (2), be payable for every day or part thereof on which —

- (a) a member who is enrolled in terms of section *thirty-five* of the Act, attends a training camp, course or bivouac;
- (b) an officer or an other rank not referred to in paragraph (a), attends a course;
- (c) a member attends any additional training referred to in sub-regulation (5) of regulation 3 of Chapter VII which is in the nature of a training camp or a course;
- (d) a member performs special duty in terms of regulation 17 of Chapter VII;
- (e) the member concerned travels to or from a place which has been appointed for any training or duty referred to in paragraphs (a), (b), (c) and (d);
- (f) a member concerned is detained beyond the stipulated duration of any training or service referred to in this regulation, at the place appointed therefor owing to unavoidable circumstances arising from his service; or
- (g) a member is in terms of regulation 4 of Chapter XVIII, entitled thereto.

(2) A member shall, in respect of any day, only be paid in pursuance of the provision of one of the paragraphs of sub-regulation (1), and a member is not entitled to pay in terms of paragraph (e) for a number of days exceeding that which the journey would have taken if he had used public or Government transport in accordance with sub-regulation (1) or (2) of regulation 6 of this chapter.

(3) A member who performs service in terms of Chapter X of the Act shall be entitled to the pay and allowances which may be recommended for this purpose by the Public Service Commission in terms of section *eighty-two bis* of the Act."

Regulation 6.

Delete the existing sub-regulation (1) and insert the following new sub-regulation:—

"(1) A member, who is required to travel to or from a place appointed for any training or duty in respect of which, in terms of regulation 1, he is entitled to receive pay, or for service in terms of Chapter X of the Act, shall, subject to sub-regulation (3), make use of public or Government transport and the cost of such transport shall be defrayed from Public Funds."

Regulasies 7 en 8.

Skrap die bestaande regulasies 7 en 8 en die opskrifte daarvan en voeg die volgende nuwe regulasie 7 en opskrif in:—

„Versorging en bewaring van persoonlike wapens.

7. 'n Lid aan wie 'n wapen vir tydelike gebruik ingevolge hierdie regulasies teen sy persoonlike rekening uitgereik is, moet sodanige wapen —

- (a) te alle tye in sy persoonlike besit of in veilige bewaring hou en, indien dit verlore raak, die verlies onverwyld by sy bevelvoerder en die SA Polisie aanmeld;
- (b) in 'n goeie order en toestand hou en geen struktuurveranderings sonder die magtiging van die Leërstaafhoof daaraan aanbring nie;
- (c) Slegs vir kommandodoeleindes gebruik en met hom saambring wanneer hy hom vir opleiding, inspeksie of enige diens aanmeld; en
- (d) teruggee indien sy diens beëindig of hy daartoe deur sy meerdere gelas word."

HOOFSTUK XVII.

Regulasie 1.

Skrap die bestaande regulasie 1 en die opskrif daarvan en voeg die volgende nuwe regulasie en opskrif in:—

„Aanspraak op soldy.

1. (1) Soldy teen die tarief wat die Staatsdienskommissie van tyd tot tyd ingevolge artikel *twee-en-tagtig bis* van die Wet mag aanbeveel, is behoudens subregulasie (2) betaalbaar vir elke dag of gedeelte daarvan waarop —

- (a) 'n lid wat ingevolge artikel *vyf-en-dertig* van die Wet ingeskryf is, 'n opleidingskamp, kursus of bivak bywoon;
- (b) 'n offisier of 'n manskap wat nie in paragraaf (a) bedoel word nie, 'n kursus bywoon;
- (c) 'n lid enige addisionele opleiding in subregulasie (5) van regulasie 3 van Hoofstuk VII bedoel, bywoon wat die vorm aanneem van 'n opleidingskamp of 'n kursus;
- (d) 'n lid spesiale diens ingevolge regulasie 17 van Hoofstuk VII doen;
- (e) die betrokke lid reis na of van 'n plek wat vir opleiding of diens soos bedoel in paragraaf (a), (b), (c) of (d), aangewys is;
- (f) die betrokke lid weens onvermydelike diensomstandighede langer as die bepaalde duur van enige opleiding of diens in hierdie subregulasie bedoel, op die plek moet bly wat daarvoor bepaal is; of
- (g) 'n lid ingevolge regulasie 4 van Hoofstuk XVIII daarop geregtig is.

(2) 'n Lid word ten opsigte van enige dag slegs uit hoofde van die bepalinge van een van die paragrafe van subregulasie (1) besoldig, en 'n lid is nie kragtens paragraaf (e) op soldy van 'n groter getal dae as dié wat die betrokke reis sou geduur het as hy ooreenkomstig subregulasie (1) of (2) van regulasie 6 van hierdie hoofstuk van openbare of Staatsvervoer gebruik gemaak het, geregtig nie.

(3) 'n Lid wat diens doen ingevolge Hoofstuk X van die Wet, is geregtig op die soldy en toelaes wat kragtens artikel *twee-en-tagtig bis* van die Wet deur die Staatsdienskommissie vir dié doel aanbeveel mag word."

Regulasie 6.

Skrap die bestaande subregulasie (1) en voeg die volgende nuwe subregulasie in:—

„(1) 'n Lid wat moet reis na of van 'n plek wat aangewys is vir enige opleiding of diens ten opsigte waarvan hy kragtens regulasie 1 op soldy geregtig is of vir diens ingevolge Hoofstuk X van die Wet, moet behoudens subregulasie (3) van openbare of Staatsvervoer gebruik maak, en die koste van sodanige vervoer word uit Staatsgelde bestry."

Regulation 10.

Delete the existing regulation and the heading thereof.

CHAPTER XVIII.**Regulation 13.**

Insert the following new heading and regulation 13:—

“Prescribed Authority for Immunisation and Prophylaxis.

13. In the application of section *one hundred and forty-four bis* of the Act the Surgeon General or an officer designated by him for the purpose, shall be the prescribed authority referred to in that section.”

CHAPTER XIX.**Regulation 2, Paragraph (f).**

Delete the words “or an independent field cornetcy”.

Regulation 2, Paragraph (g).

Delete the words “or an independent field cornetcy”.

Regulation 2, Paragraph (l).

Insert the words “or a field cornet or assistant field cornet serving as a pilot in a commando squadron” after the word “captain” where it appears for the second time and insert the words “any other” before the words “field cornet” where they appear for the last time.

Regulation 2, Paragraph (m).

Substitute the figure “3” for the figure “13”.

Regulation 5, Paragraph (b).

Delete the existing paragraph (b).

Regulation 5, Paragraph (g).

Substitute the figure “3” for the figure “13”.

Regulation 5, Paragraph (h).

Substitute a colon for the full-stop at the end of the paragraph and insert the following proviso:—

“Provided that an other rank who was serving on the date of the commencement of Chapter XXI and who was not attested in accordance therewith, may be discharged if he resigns.”

CHAPTER XX.**Regulation 1.**

Substitute a colon for the full-stop at the end of regulation 1 and insert the following proviso:—

“Provided that no intoxicating liquor shall in terms thereof, be provided to an other rank who has not attained the age of twenty-two years.”

CHAPTER XXI.

Insert the following new Chapter XXI after Chapter XX:—

“CHAPTER XXI.**CHANGED SERVICE CONDITIONS FOR OFFICERS AND ATTESTED OTHER RANK.***Attestation of New Members.*

1. No person shall, after the date of promulgation of this chapter, be enrolled for service as an other rank in a commando in terms of section *thirty-six* of the Act unless he engages for such service in a commando subject to the conditions of service prescribed in this chapter, by taking the service oath contained in Annexure B to this chapter.

Attestation of Other Ranks who were in Service at the Commencement.

2. (1) A member who on the date this chapter commences is serving as an other rank enrolled in terms of section *thirty-six* of the Act, other than a member to whom regulation 5 of Chapter XI applies may, provided he subjects himself in writing to the conditions of service prescribed in this chapter at any time be permitted to attest for continued service in a commando as an other

Regulasie 10.

Skrap die bestaande regulasie en die opskrif daarvan.

HOOFSTUK XVIII.**Regulasie 13.**

Voeg die volgende nuwe opskrif en regulasie 13 in:—

„Voorgeskrewe owerheid vir immunisering en profilakse.

13. By die toepassing van artikel *honderd viere-veertig bis* van die Wet, is die Geneesheer-generaal of 'n offisier deur hom vir die doel aangewys, die voorgeskrewe owerheid wat in daardie artikel bedoel word.”

HOOFSTUK XIX.**Regulasie 2, Paragraaf (f).**

Skrap die woorde „of 'n selfstandige veldkornetskap”.

Regulasie 2, Paragraaf (g).

Skrap die woorde „of van 'n selfstandige veldkornetskap”.

Regulasie 2, Paragraaf (l).

Voeg die woorde „of 'n veldkornet of assistentveldkornet wat as vlieënier in 'n kommando-eskader dien” in na die woord „kaptein” waar dit vir die tweede keer voorkom en voeg die woorde „enige ander” voor die woord „veldkornet” in waar dit vir die laaste keer voorkom.

Regulasie 2, Paragraaf (m).

Vervang die getal „13” deur die getal „3”.

Regulasie 5, Paragraaf (b).

Skrap die bestaande paragraaf (b).

Regulasie 5, Paragraaf (g).

Vervang die getal „13” deur die getal „3”.

Regulasie 5, Paragraaf (h).

Vervang die punt aan die end van die paragraaf deur 'n dubbelpunt en voeg die volgende voorbehoudsbepaling in:—

„Met dien verstande dat 'n manskap wat op die datum van inwerkingtreding van Hoofstuk XXI gedien het en hom nie ooreenkomstig daardie hoofstuk laat insweer het nie, ontslaan kan word indien hy bedank.”

HOOFSTUK XX.**Regulasie 1.**

Vervang die punt aan die end van regulasie 1 deur 'n dubbelpunt en voeg die volgende voorbehoudsbepaling in:—

„Met dien verstande dat geen bedwelmende drank ooreenkomstig die bepalings daarvan aan 'n manskap wat nog nie die leeftyd van twee-entwintig jaar bereik het nie, verskaf mag word nie.”

HOOFSTUK XXI.

Voeg die volgende nuwe Hoofstuk XXI na Hoofstuk XX in:—

„HOOFSTUK XXI.**VERANDERDE DIENSVOORWAARDES VIR OFFISIERE EN INGESWEERDE MANSKAPPE.***Insweering van nuwe lede.*

1. Niemand word na die datum waarop hierdie hoofstuk gepromulgeer is, ingevolge artikel *ses-en-dertig* van die Wet vir diens as 'n manskap in 'n kommando ingeskryf nie tensy hy hom op die diensvoorwaardes voorgeskryf in hierdie hoofstuk, vir sodanige diens in 'n kommando verbind deur die aflegging van die dienseed vervat in Aanhangsel B van hierdie hoofstuk.

Insweering van manskappe wat by inwerkingtreding reeds in diens was.

2. (1) 'n Lid wat op die datum van die inwerkingtreding van hierdie hoofstuk diens doen as 'n manskap wat kragtens artikel *ses-en-dertig* van die Wet ingeskryf het, uitgesonderd 'n lid op wie regulasie 5 van Hoofstuk XI van toepassing is, kan, mits hy hom skriftelik aan die diensvoorwaardes soos in hierdie hoofstuk voorgeskryf, onderwerp, te eniger tyd toegelaat word om hom vir voortgesette diens as manskap in 'n kommando te laat

rank by taking the service oath prescribed in sub-regulation (1).

(2) Such attestation shall terminate the previous enrolment of the member concerned: Provided that —

- (a) a member's attestation shall not detract from his liability to complete the remaining portion of any period of five years which he is at that time required to serve pursuant to sub-section (3) of section *forty* of the Act; and
- (b) the minimum number of exercises which a member, attested in terms of this regulation, is required to attend annually during the remaining portion of the period referred to in paragraph (a) in order to comply with the requirements of sub-section (4) of the said section *forty* shall notwithstanding any prior undertaking, be determined by this chapter.

Attestation of Members for Extended Service.

3. Any person who has completed at least four years attested service or service in terms of section *thirty-five* of the Act as an other rank in a commando may be permitted, subject to the conditions of service prescribed in this chapter, again to be attested for service as an other rank in a commando by taking the service oath prescribed in regulation 1.

All Officers are subject to this Chapter.

4. (1) This chapter shall, notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations or the terms of any earlier undertakings subscribed to by him, be applicable with effect from the date of the commencement thereof to —

- (a) every officer who is serving in a commando or is borne on the Unattached List on that date; and
- (b) every officer who is appointed to a commando on or after that date:

Provided that any officer referred to in paragraph (a) who is for any reason prevented from continuing, or is disinclined to continue his service in accordance with the provisions of this chapter and who submits the resignation from his appointment to his commander prior to a date which the Army Chief of Staff may determine, shall be absolved from any refund in terms of sub-regulation (3) of regulation 5 of Chapter XVI: Provided further that in the event of any person who was absolved of the refund of any portion of a uniform allowance in terms of the foregoing proviso is again appointed an officer within two years of having been absolved from a refund, the amount which would have been recovered from him on resignation under other circumstances shall be deducted from any uniform allowance which may be payable to him in terms of regulation 5 of Chapter XVI of these regulations.

(2) If any officer has resigned his appointment in the circumstances referred to in the proviso to sub-regulation (1) and has forfeited his commission on the resultant termination of his service, he may be permitted to complete as an other rank the remaining portion of any period of five years, which he was still required to serve in terms of sub-section (3) of section *forty* of the Act at the termination of his service as an officer, as if he were serving as an other rank on the date of the commencement of this chapter.

Periods of Engagement.

5. (1) The period of engagement of an officer shall be as determined by Chapter XII.

(2) An other rank shall, by his attestation in terms of this chapter be deemed to engage himself to serve in a commando from the date of his attestation, for a period of four years: Provided that —

- (a) an other rank who in terms of regulation 3 of this chapter is attested without a break in service may, with the approval of the commander of the commando concerned, be permitted to engage for a shorter period, which shall not be less than one year; and
- (b) the period of engagement of an other rank, who has been attested in terms of this chapter, and who is permitted to obtain a rifle from Government stocks by purchase shall by the acceptance by him of such

insweer deur die dienseed af te lê wat in regulasie 1 voorgeskryf word.

(2) Sodanige inswering beëindig die betrokke lid se vorige inskrywing: Met dien verstande dat —

- (a) 'n lid se inswering nie afbreuk doen nie aan sy verpligting om nog diens te doen vir die res van enige tydperk van vyf jaar wat hy op daardie tydstip ingevolge subartikel (3) van artikel *veertig* van die wet moet dien; en
- (b) die minimum getal oefeninge wat 'n lid wat ingevolge hierdie regulasie ingesweer is, jaarliks gedurende die res van die tydperk wat in paragraaf (a) bedoel word, moet bywoon ten einde aan die vereistes van subartikel (4) van genoemde artikel *veertig* te voldoen, ondanks enige vorige onderneming ooreenkomstig hierdie hoofstuk bepaal moet word.

Inswering van lede vir verlengde diens.

3. Iemand wat as manskap minstens vier jaar ingesweerde diens of diens ingevolge artikel *vyf-en-dertig* van die Wet in 'n kommando voltooi het, kan toegelaat word om hom op die diensvoorwaardes wat in hierdie hoofstuk voorgeskryf word, weer vir diens as manskap in 'n kommando te laat insweer deur die dienseed af te lê wat in regulasie 1 voorgeskryf word.

Alle offisiere is onderworpe aan hierdie hoofstuk.

4. (1) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies of die bedinge van enige onderneming voorheen deur hom aangegaan, is hierdie hoofstuk met ingang van die datum van inwerkingtredeing daarvan van toepassing op —

- (a) elke offisier wat op daardie datum in 'n kommando dien of op die loslys voorkom; en
- (b) elke offisier wat op of na daardie datum by 'n kommando aangestel word;

Met dien verstande dat 'n offisier wat in paragraaf (a) bedoel word en wat om enige rede verhinder word of ongeneë is om sy diens ooreenkomstig die bepalings van hierdie hoofstuk voort te sit en sy aanstelling bedank en dit voor 'n datum wat die Leërstaafhoof kan bepaal, by sy bevelvoerder indien, van enige terugbetaling ingevolge subregulasie (3) van regulasie 5 van Hoofstuk XVI kwytgeskeld word: Met dien verstande voorts dat, ingeval enigeen wat kragtens die voorafgaande voorbehoudsbepaling van die terugbetaling van enige deel van 'n uniformtoelae kwytgestel is, binne twee jaar na sodanige kwytskelding weer as offisier aangestel word, die bedrag wat by bedanking onder ander omstandighede op hom verhaal sou gewees het, afgetrek moet word van enige uniformtoelae wat ingevolge regulasie 5 van Hoofstuk XVI van hierdie regulasies aan hom betaalbaar mag wees.

(2) Indien 'n offisier sy aanstelling onder die omstandighede soos in die voorbehoudsbepaling van subregulasie (1) bedoel, bedank het en sy kommissie by die gevolglike beëindiging van sy diens verbeur het, kan hy toegelaat word om die res van enige tydperk van vyf jaar wat hy, by die beëindiging van sy diens as offisier, nog ingevolge subartikel (3) van artikel *veertig* van die Wet moet dien, as 'n manskap te voltooi asof hy op die datum van inwerkingtredeing van hierdie hoofstuk as 'n manskap gedien het.

Dienstermyne.

5. (1) Die dienstermyne van 'n offisier is dié soos by Hoofstuk XII bepaal.

2. 'n Manskap word, deur sy inswering ingevolge hierdie hoofstuk, geag hom te verbind het om vanaf die datum van sy inswering vir 'n tydperk van vier jaar in 'n kommando te dien: Met dien verstande dat —

- (a) 'n manskap wat hom ingevolge regulasie 3 van hierdie hoofstuk laat insweer sonder 'n diensonderbreking, met die goedkeuring van die bevelvoerder van die betrokke kommando toegelaat kan word om hom vir 'n korter tydperk, wat nie korter as een jaar mag wees nie, te verbind; en
- (b) die diensverbintenis van 'n manskap wat ingevolge hierdie hoofstuk ingesweer is en wat toegelaat word om 'n geweer te verkry deur dit uit Staatsvoorrade aan te koop, deur die aanvaarding van

rifle be so extended as to terminate five years after the date of such acceptance.

(3) The service of an attested other rank shall not be terminated by resignation.

Uniform, Arms, Equipment and Accoutrements.

6. (1) The provision of uniform, accoutrements, equipment, arms and ammunition to an officer and the maintenance thereof shall be as prescribed by Chapter XVI.

(2) Such uniform, arms, equipment and accoutrements as are necessary in the opinion of the Army Chief of Staff to prepare him for service in terms of Chapter X of the Act, may be issued to any attested other rank on loan at public expense in accordance with scales determined in terms of regulation 1 of Chapter IV.

(3) The provisions of regulations 2, 3, 4, 7, 9, 10, 11 and 12 of Chapter XVI shall apply to an attested other rank.

(4) Such articles of uniform, equipment and accoutrements as may be determined by a scale in terms of regulation 1 of Chapter IV and which are necessary to maintain the uniform, equipment and accoutrements already in his possession may be issued at public expense to an other rank who, in accordance with regulation 3 of this chapter has been attested for four years service in a commando.

(5) An other rank, who in terms of paragraph (a) of the provisio to sub-regulation (2) of regulation 5 of this chapter, has been permitted to attest for a period of less than four years, shall annually be paid in advance an upkeep allowance in an amount not exceeding one-quarter of the current total value as determined by the Quartermaster General, of the articles which are issuable in terms of sub-regulation (4), to defray the cost involved in maintaining the corresponding articles already in his possession.

Training.

7. The training of an officer and an attested other rank shall be in accordance with Chapter VII of these regulations as amended on the date of the commencement of this chapter.

Other Conditions of Service.

8. Matters not specifically dealt with in this chapter shall be governed by the provisions of the other chapters of these regulations."

Insert a new Annexure B after Annexure A.

"ANNEXURE B.

SERVICE OATH.

I,, a citizen of the Republic of South Africa/domiciled in the Republic of South Africa, declare under oath/solemnly declare —

That I engage myself to serve in a commando in terms of section *thirty-six* of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957) for the period and under the conditions prescribed in the Commando Regulations; and

That during my service as a member of a commando I shall be loyal to the Republic of South Africa and shall execute my duties and the orders of my superiors conscientiously and diligently.

Signature.

Sworn/Declared and signed before me on this day of 19..... at

Signature of Attesting Officer/
Ex Officio Commissioner of Oaths."

Amendment Slip No. 3.]

so 'n geweer so verleng word dat dit vyf jaar na die datum van sodanige aanvaarding verstryk.

(3) 'n Ingesweerde manskap se diens word nie deur bedanking beëindig nie.

Uniform, wapens, uitrusting en toebehorens.

6. (1) Die verskaffing van uniform, toebehorens, uitrusting, wapens en ammunisie aan 'n offisier en die instandhouding daarvan is dié soos by Hoofstuk XVI voorgeskryf.

(2) Aan 'n ingesweerde manskap kan dié uniform, wapens, uitrusting en toebehorens wat volgens die oordeel van die Leërstaafhoof nodig is om hom vir diens ingevolge Hoofstuk X van die Wet gereed te maak, ooreenkomstig skale wat ingevolge regulasie 1 van Hoofstuk IV bepaal word, teen Staatskoste geleen word.

(3) Die bepalings van regulasies 2, 3, 4, 7, 9, 10, 11 en 12 van Hoofstuk XVI is van toepassing op 'n ingesweerde manskap.

(4) Die stukke uniform, uitrusting of toebehorens wat volgens 'n skaal ingevolge regulasie 1 van Hoofstuk IV bepaal mag word en wat nodig is om die uniform, uitrusting en toebehorens wat reeds in sy besit is, in stand te hou, kan teen Staatskoste uitgereik word aan 'n manskap wat hom ooreenkomstig regulasie 3 van hierdie hoofstuk vir vier jaar diens by 'n kommando laat insweer het.

(5) Aan 'n manskap wat kragtens paragraaf (a) van die voorbehoudsbepaling van subregulasie (2) van regulasie 5 van hierdie hoofstuk toegelaat is om hom vir diens te verbind vir 'n tydperk van minder as vier jaar, word jaarliks 'n instandhoudingstoelae ten bedrae van hoogstens een kwart van die bestaande totale waarde soos deur die Kwartiermeester-generaal bepaal, van die stukke wat kragtens subregulasie (4) uitgereik mag word, vooruitbetaal om die koste verbonde aan die instandhouding van die ooreenstemmende stukke wat reeds in sy besit is, te bestry.

Opleiding.

7. Die opleiding van 'n offisier en 'n ingesweerde manskap geskied ooreenkomstig Hoofstuk VII van hierdie regulasies soos dit op die datum van die inwerkingtreding van hierdie hoofstuk gewysig is.

Ander diensvoorwaardes.

8. Die bepalings van die ander hoofstukke van hierdie regulasies is van toepassing op dié sake wat nie uitdruklik in hierdie hoofstuk behandel word nie.

Voeg 'n nuwe Aanhangsel B na Aanhangsel A in.

„AANHANGSEL B.

DIENSEED.

Ek,, 'n burger van die Republiek van Suid-Afrika/in die Republiek van Suid-Afrika gedomisilieer, verklaar onder eed/plegtig —

Dat ek my verbind om ingevolge artikel *ses-entertig* van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), in 'n kommando te dien vir die tydperk en op die voorwaardes wat in die Kommandoregulaties voorgeskryf word; en

Dat ek gedurende my diens as lid van 'n kommando getrou sal wees aan die Republiek van Suid-Afrika en my pligte en die opdragte van my meederes nougeset en met ywer sal uitvoer.

Handtekening.

Beëdig/Verklaar en onderteken voor my op hede die dag van 19..... te

Handtekening van inswerende offisier/Kommissaris van Ede *Ex Officio*.

Wysigingsblaadjie No. 3.]

No. 1005 (Republic).]

[3rd July, 1964.

No. 1005 (Republiek).]

[3 Julie 1964

STANDARDS ACT, 1962.

Notice is hereby given that Government Notice No. 273 of 1964 re amendment of regulations to provide for the payment of fees to cover the costs incurred in the enforcement of compulsory standard specifications and Government Notice No. 274 of 1964 re declaration of standard specifications for certain items of electrical equipment as compulsory standard specifications as published in *Government Gazette* No. 776 of 1st May, 1964, are hereby cancelled.

WET OP STANDAARDE, 1962.

Hierby word bekendgemaak dat Goewermentskennisgewing No. 273 van 1964 insake wysiging van regulasies om voorsiening te maak vir die betaling van gelde om koste verbonde aan die toepassing van verpligte standaard-spesifikasies te dek, en Goewermentskennisgewing No. 274 van 1964 insake verklaring van standaard-spesifikasies vir sekere item van elektriese toerusting tot verpligte standaard-spesifikasies, soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 776 van 1 Mei 1964, hierby ingetrek word.

General Notice.

Algemene Kennisgewing.

(No. 426 of 1964 (Republic).)

(No. 426 van 1964 (Republiek).)

BUILDING SOCIETIES RETURNS.

In terms of section *forty-four* (3) of the Building Societies Act, 1934, the following Composite Return is published for general information.

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED ON THE 30th DAY OF APRIL, 1964.

	No.	Amount	
		R	R
Number of Societies	23		
Share Capital:			
Indefinite		848,425,016	
Fixed Period		44,398,848	
Total			892,823,864
Statutory Reserve			45,047,379
Deposits:			
Fixed		395,027,920	
Savings		239,911,190	
Total			634,939,110
Accrued Interest			9,111,881
Loans and Overdrafts			7,906,406
Mortgage Advances:			
(1) Advances over R10,000	13,599		326,242,000
(2) All Advances	250,524		1,256,563,653
Granted but not paid out			129,736,010
Liquid Assets:			
Cash and Deposits		50,121,250	
Unencumbered Securities		248,709,302	
Accrued Interest		3,446,802	302,277,354
Statutory Minimum Amount			195,410,439

BOUVERENIGINGSOPGAWE

Ingevolge artikel *vier-en-veertig* (3) van die Bouverenigingswet 1934, word onderstaande Saamgestelde Opgawe vir algemene inligting gepubliseer.

SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG OP DIE 30ste DAG VAN APRIL 1964.

	Getal	Bedrag	
		R	R
Getal Verenigings	23		
Aandelekapitaal:			
Onbepaalde		848,425,016	
Vaste Termyn		44,398,848	
Totaal			892,823,864
Statutêre Reserwe			45,047,379
Deposito's:			
Vaste		395,027,920	
Spaar		239,911,190	
Totaal			634,939,110
Opgeloue Rente			9,111,881
Lenings en Oortrekkings Voorskotte teen verband:			7,906,406
(1) Voorskotte bo R10,000	13,599		326,242,000
(2) Alle Voorskotte	250,524		1,256,563,653
Toegestaan maar nie uitbetaal nie			129,736,010
Likwiede Bates:			
Kontant en Deposito's		50,121,250	
Onbeswaarde Effekte		248,709,302	
Opgeloue Rente		3,446,802	302,277,354
Statutêre Minimum Bedrag			195,410,439

Advertisements.

Advertensies.

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA.

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Gazette* is published on the next succeeding working day.

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P. O. Box 292, Windhoek, or be delivered to Room 145, Legislative Assembly, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANT KANTOOR, Posbus 292, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 145, Wetgewende Vergadering, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4.30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant* waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertisements are inserted in the *Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Gazette* at the discretion of the Secretary.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations, if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertaling moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept, or may decline further publication of, any advertisement.

5. Slegs wetadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanmerking of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. The subscription for the *Official Gazette* is R3-00 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. John Meinert (Pty.) Ltd., P. O. Box 56, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Gazette* may be obtained either from Messrs. John Meinert (Pty.) Ltd., P. O. Box 56, Windhoek, or from the Secretary for South West Africa at the price of 10c per copy.

8. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of revenue stamps affixed to the original notice, which must be submitted in duplicate:—

Type	Charge
1. Estate notices — creditor and debtor	R1.20
2. Estate notices — Liquidation accounts	R1.20
3. Insolvent estates — Forms 3, 4, 5, 6, 7, 8 and 9	R1.20
4. Transfer of business	R2.25
5. Certificate of appointment of sworn appraiser	R2.25
6. Meeting of Sheriff	R2.25
7. Declaration of dividend	R2.25
8. Lost policy, deed, bond	R2.25
9. Sale in execution — Supreme Court	R3.75

9. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 8 is at the rate of 75 cent per inch single column and R1.50 per inch double column, repeats half price. (Fractions of an inch to be reckoned as an inch).

10. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

